# vriendskap

Love God Greatly
Afrikaans Studiegids

**VRIENDSKAP**
/vrindskəp/

Die krag,
die doel en
die gawe van
vriendskap.

*VRIENDSKAP: DIE KRAG, DIE DOEL EN DIE GAWE VAN VRIENDSKAP.*

Kopiereg © 2021 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Vriendskap: Die krag, die doel en die gawe van vriendskap.* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.

Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

## BY LOVE GOD GREATLY VIND JY WARE, LEWENSEGTE VROUENS. VROUENS WAT ONVOLMAAK, MAAR TOG VERGEWE IS.

Vrouens wat minder van hulself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat graag vir God deur Sy Woord wil leer ken, want ons weet dat die Waarheid ons verander en vry maak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, deurdrenk in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Welkom vriendin. Ons is so bly dat jy hier is…

# INHOUDSOPGAWE


001 WELKOM
002 HULPBRONNE
003 LOVE GOD GREATLY
004 SOAP STUDIE
007 GETUIENIS
009 INLEIDING
010 LEESPLAN
013 JOU DOELWITTE
014 WEEK 1
039 WEEK 2
065 WEEK 3
090 WEEK 4
115 WEEK 5
140 WEEK 6
165 KEN HIERDIE WAARHEDE

# WELKOM

*Maak gebruik van die volgende hulpbronne terwyl jy die studie volg:*

- Weeklikse Blogs
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Uitdagings
- Facebook, Twitter, Instagram
- LoveGodGreatly.com
- LoveGodGreatly.com/afrikaans
- Hashtags: #LoveGodGreatly #LoveGodGreatlyAfrikaans

Ons is verheug dat jy by ons aangesluit het vir hierdie Bybelstudie! Eerstens, weet dat daar vir jou gebid is! Dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos wat jy elke dag in Sy Woord delf! Soos jy die dissipline ontwikkel om daagliks in God se Woord te wees, bid ons dat jy Hom meer sal liefkry soos jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voordat jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. Dit is Sy werk om tot jou te spreek, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons word in Spreuke geleer om te soek en ons sal vind: “Soek vir dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos ‘n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken.” (Spreuke 2:4)

Almal van ons hier by *Love God Greatly* kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur—en moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is saam in hierdie proses. Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd in God se Woord te spandeer! Kom ons sien wat God vir jou wil leer in hierdie studie! Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# HULPBRONNE

*Sluit By Ons Aan*

### AANLYN

lovegodgreatly.com

lovegodgreatly.com/afrikaans

### WINKEL

lovegodgreatly.com/store

### FACEBOOK

facebook.com/LoveGodGreatly

facebook.com/Love-God-Greatly-Afrikaans-717623225000335

### INSTAGRAM

instagram.com/lovegodgreatlyofficial

instagram.com/liefgodgrootliks

instagram.com/lovegodgreatlyafrikaans

### TWITTER

@_LoveGodGreatly

### LAAI DIE APP AF

### KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com

lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com

### SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly

#LoveGodGreatlyAfrikaans

# LOVE GOD GREATLY

*Love God Greatly* (LGG) is ‘n pragtige gemeenskap van vrouens wat ‘n verskeidenheid soorte van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord. Ons begin met ‘n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem liefdevol mekaar se hande en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

*Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?*

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in ‘n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoedig en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by *Love God Greatly* nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam. Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?

Wees verseker dat ons saam met jou hierdie studie gaan doen—ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, soete samesyn geniet en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer—doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat, of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek ‘n groep vrouens van jou kerk of jou werk, of ontmoet in ‘n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken.

Arm om arm en hand in hand. Kom ons doen dit…saam.

# DIE SOAP BYBELSTUDIE METODE

## HOE EN HOEKOM

*Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe.*

By *Love God Greatly* glo ons dat die Woord van God lewendig en aktief is. Ons glo dat die woorde van die Bybel kragtig en effektief is en toepaslik is vir die lewe in alle tye en alle kulture. Ons weet ook dat die Bybel geskryf is vir spesifieke gehore in spesifieke kulture op spesifieke tye. Ons glo dat, om die Bybel korrek te kan interpreteer, ons 'n begrip moet hê van die konteks van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode om die Bybel te bestudeer. Hierdie Engelse akroniem staan vir die woorde Scripture, Observation, Application, en Prayer (Skrifgedeelte, Observasie, Interpretasie en Gebed). Dit is een ding om net die Bybel te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor te bepeins, dan begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die Bybel en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jakobus 1:22).

In hierdie joernaal sal jy daagliks verse hê om te lees en 'n paar verse om te SOAP. Ons lees 'n gedeelte van die Bybel en pas dan die SOAP metode toe op 'n paar verse. Ons glo dat hierdie metode ons help om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Jy sal nooit tyd mors in God se Woord nie. Dit is kragtig en effektief. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

Ons moedig jou aan om die SOAP metode toe te pas wanneer jy die daaglikse verse lees. Neem asseblief die tyd om te SOAP deur ons Bybelstudies en sien vir jouself hoeveel meer jy uit jou daaglikse stiltetyd kry.

Jy sal verbaas wees.

# SOAP STUDIE *(VOORTGESIT)*

### MAANDAG

LEES
*1 Timoteus 1:1-7*

SOAP
*1 Timoteus 1:5-7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir Julle in die hemel bewaar word en waarvan Julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan Julle verkondig is. Die evangelie het Julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in Julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in Julle gewek is.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

Wanneer Jy geloof en liefde kombineer, kry Jy hoop.
Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is......dit wag op ons. Die evangelie is die Woord van Waarheid. Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste. Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander....Epafras.

**S** STAAN VIR **SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die verse ten minste een keer neer.*

*Neem jou tyd, skryf die verse uit die Bybel neer en fokus op wat jy skryf.*

*Dit is altyd goed om dit meer as een keer neer te skryf.*

**O** STAAN VIR **OBSERVATION (OBSERVASIE)**

*Neem jou tyd om die Skrifgedeelte nougeset waar te neem.*

*Wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor vir wie dit geskryf is? Met wie praat die skrywer? Watter kulturele faktore speel 'n rol? Word enige woorde of temas herhaal? Watter literêre middels (bv. beeldsprake, vergelykings) word gebruik?*

**A** STAAN VIR **APPLICATION (TOEPASSING)**

*Nadat jy nougeset waargeneem het wat in die Skrifgedeelte gebeur, bepaal wat die hoofboodskap of waarheid van hierdie gedeelte is.*

*Hoe kan jy hierdie waarheid in jou lewe toepas?*

*Wat moet jy vandag doen, in die lig van hierdie waarheid?*

*Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel....... God sal die evangelie laat versprei..... om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to EGG..."en net soos dit in die hele wereld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."

*Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

**P** STAAN VIR **PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*As Hy iets in hierdie tyd aan jou geopenbaar het, bid daaroor.*

*Bely enige sonde wat God geopenbaar het.*

*Bid oor die waarheid wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het.*



# GETUIENIS

## LGG MANADONESE TAK

Om onder God se roeping en leiding te leef is uitdagend, tog lonend. Dit is duidelik vir my dat God, die Meester Onderwyser, my geroep het om Hom deur middel van opvoeding te dien. As ‘n onderwyser, is ek bevoorreg om al soveel wonderlike mense te kon ontmoet. Ek gee al vir sewe jaar onderrig vir die volgende generasie, tyd wat ek weg van my familie en tuisdorp was.

Alhoewel ek nie meer in my tuisdorp in Indonesië woon nie, verlang ek om die evangelie met my mense te deel en hulle te bedien. Ek kon nog nie permanent terugkeer huis toe nie, maar ek het tog ‘n begeerte om aan die gemeenskap daar terug te gee en ek vertrou dat, as dit God se wil is, Hy dit so sal bewerkstellig.

Toe ek in 2020 by ‘n vriendin van Love God Greatly gehoor het, was ek verbaas om van hul bediening aan Indonesiërs te hoor. Met Bybelstudies wat alreeds in Indonesies bestaan en die begeerte om uit te brei na ander Indonesiese dialekte (insluitend my moedertaal Manadonees), het ek geweet dat hierdie kontak deel van God se plan was. Ek het geweet God was besig om my gebed te beantwoord om my volksgenote te bedien.

My hart het oorgeloop van vreugde toe ek die uitnodiging aanvaar het om by die Manadonese taalspan aan te sluit. Alhoewel ek op hierdie geleentheid afgekom het deur middel van Love God Greatly, het ek geweet dat hierdie uitnodiging God se werk was. God het die begeerte van my hart vervul om deel te kan wees van die evangelisasie van die land waar ek Christus leer ken het, al woon ek ver. Ek prys Hom, die God wat gebede beantwoord. Hy ken my persoonlik, selfs die onuitgesproke, diep begeertes van my hart. Om onder God se roeping en leiding te leef is uitdagend, tog lonend. Wanneer God ‘n begeerte in ons harte plant vir sy glorie, sal Hy doen wat Hy Hom voorgeneem het om te doen en Hy sal vir ons die pad aanwys. (Spr 3:6).

*Cindy*

*Hoe kan jy vir hierdie tak bid?*

Dat die span en gemeenskap sal aanhou groei

Vir die vertalingswerk van die Manadonese Ou Testament (tans is nog net die NT in die Manadonese taal vertaal).

Dat God se Woord meer Manadonese sprekers deur die LGG Bybelstudies sal bereik.

***Om met hierdie tak in aanraking te kom:***

- facebook.com/lggmanado
- lggmanado@gmail.com
- instagram.com/lggmanado

Ken jy iemand wat sal kan baatvind by ons Love God Greatly Bybelstudies in Manadonees? Indien wel, vertel hulle gerus van die ongelooflike Bybelstudie hulpbronne wat ons voorsien om hulle met God se Woord toe te rus!

# VRIENDSKAP

*Die krag, die doel en die gawe van vriendskap.*

*Kom ons begin*

# INLEIDING
## VRIENDSKAP

Op die vooraand van sy kruisiging het Jesus tyd geneem om vir alle gelowiges te bid. Hy het gebid dat diegene wat hulle geloof in Hom gestel het, in Hom sou bly. Die liefde wat gelowiges vir mekaar het, toon die liefde wat die Vader vir die Seun en vir die wêreld het.

God se liefde vir die wêreld is die rede waarom Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om ‘n offer vir ons sonde te wees. Jesus het God se liefde aan die wêreld getoon toe Hy sy lewe gegee het om sondaars te red. Johannes 15:13 sê: "Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê." Jesus se offer was die uiterste voorbeeld van liefdevolle vriendskap. Hy het ons so liefgehad dat Hy gesterf het sodat ons vir ewig by Hom kon bly.

Ons is geskep vir gemeenskap en vriendskap. God het die mensdom geskep in die konteks van ‘n verhouding met Homself en met ander. Al lyk dit eenvoudig en pynvry om alleen deur die lewe te gaan, is ons bedoel om in gemeenskap te wandel. Ons kan nie sonder mekaar oorleef nie. Die manier waarop ons vir mekaar omgee en mekaar se laste dra, toon Christus se liefde aan die wêreld.

Ons moet op die uitkyk wees vir die listige planne van die vyand, wat altyd daarop uit is om ons vriendskappe te vernietig en onenigheid en verdeeldheid binne die liggaam van Christus te skep. In hierdie ses weke lange studie gaan ons kyk hoe dit lyk om godvresende vriendskappe te hê en hoe ons ongesonde en gevaarlike vriendskappe kan uitken.

Vriendskap is ‘n uitstekende voorsiening wat God ons gegee het. Op ons reis deur die lewe het ons Bybelse vriendskappe nodig om ons te help om te groei in ons wandel met God, standvastig te bly in beproewings en om die planne van die vyand te bestry. Jesus het gekom om sondaars, insluitend ons, te bevriend en te bedien. Alhoewel ons vriendskappe nooit perfek sal wees nie, kan ons aanhou om mekaar op te bou en om gereeld vergifnis te vra en te bied. Ons vriendskappe kan ‘n pragtige getuienis wees vir die Goeie Nuus van die evangelie van Jesus Christus.

# SOAP LEESPLAN

## WEEK 1: ONS BEHOEFTE AAN VRIENDSKAP

Maandag: Ontwerp vir Vriendskap
Lees: Genesis 1:26-27, 1 Johannes 1:3
SOAP: Genesis 1:27

Dinsdag: Geskep vir Gemeenskap
Lees: Genesis 2:18, Prediker 4:9-12, Matteus 18:20
SOAP: Prediker 4:9-12

Woensdag: Die Impak van Sonde op Vriendskap
Lees: Genesis 3:8-13, Genesis 4:6-8
SOAP: Genesis 3:8

Donderdag: Hoe Vriendskap die Evangelie Vertoon
Lees: Johannes 13:35, 2 Korintiërs 5:18-20
SOAP: Johannes 13:35

Vrydag: Vriende wat die Ekstra Myl Loop
Lees: Markus 2:1-5
SOAP: Markus 2:4

## WEEK 2: WAT IS BYBELSE VRIENDSKAP?

Maandag: Christus-gesentreerde Vriendskap
Lees: Romeine 12:1-8, 1 Petrus 4:10
SOAP: Romeine 12:4-5, 1 Petrus 4:10

Dinsdag: Die Doel van Bybelse Vriendskappe
Lees: Johannes 17:20-24
SOAP: Johannes 17:22-23

Woensdag: Dikker as Bloed
Lees: 1 Samuel 18:1-4, 1 Samuel 20
SOAP: 1 Samuel 18:1-4

Donderdag: Dra Mekaar se Laste
Lees: Galasiërs 6:1-10
SOAP: Galasiërs 6:2

Vrydag: Ondersteuning in ‘n Gebroke Wêreld
Lees: Hebreërs 10:24-25, Rut 1:16-17
SOAP: Hebreërs 10:24-25

## WEEK 3: DIE SEËN VAN VRIENDSKAP

Maandag: Die Goue Reël
Lees: Lukas 6:31-36
SOAP: Lukas 6:31

Dinsdag: Spreek Waarheid in Liefde
Lees: Spreuke 27:5-6, Spreuke 28:23, Efesiërs 4:15-16
SOAP: Efesiërs 4:15-16

Woensdag: ‘n Vriend wat Betroubaar is
Lees: Spreuke 11:13
SOAP: Spreuke 11:13

Donderdag: Vriende wat Mekaar Vorm
Lees: Spreuke 27:17, Spreuke 27:9
SOAP: Spreuke 27:17

Vrydag: Die Behoefte aan Vergifnis
Lees: Kolossense 3:12-14, Efesiërs 4:32, Spreuke 17:17
SOAP: Kolossense 3:12-14

## WEEK 4: GEVAARLIKE VRIENDSKAPPE

Maandag: Valse Vriendskappe
Lees: Spreuke 17:9, Romeine 16:17-18, 2 Timoteus 3:2-5
SOAP: Romeine 16:17-18

Dinsdag: Bedreigings vir Bybelse Vriendskap
Lees: Efesiërs 6:12, Spreuke 11:9, Spreuke 11:13
SOAP: Efesiërs 6:12

Woensdag: Waarskuwingstekens
Lees: Spreuke 22:24-25, Spreuke 27:4, 1 Korintiërs 15:33, Jakobus 4:4-6
SOAP: Jakobus 4:4

Donderdag: Die Impak van ons Woorde
Lees: Efesiërs 4:29, Spreuke 16:24, Spreuke 16:28
SOAP: Efesiërs 4:29

Vrydag: Die Belangrikheid van Liefde
Lees: 1 Korintiërs 13, Spreuke 12:26
SOAP: 1 Korintiërs 13:4-7

## WEEK 5: JESUS, 'N VRIEND VAN SONDAARS

Maandag: Jesus, 'n Vriend van Sondaars
Lees: Johannes 8:1-11, 1 Timoteus 1:15, Lukas 5:31-32, Lukas 7:34-35
SOAP: 1 Timoteus 1:15

Dinsdag: Buitekring, Binnekring
Lees: Markus 3:13-19, Markus 5:37, Markus 9:2-8
SOAP: Markus 9:2

Woensdag: Om die Verlorenes te Red
Lees: Lukas 15:1-10, Lukas 19:1-10
SOAP: Lukas 19:10

Donderdag: Jy Moet Jou Naaste Liefhê
Lees: Markus 12:30-31, Galasiërs 5:14-17
SOAP: Galasiërs 5:14

Vrydag: Breek Saam Brood
Lees: Handelinge 2:42-47, Handelinge 20:7
SOAP: Handelinge 2:46-47

## WEEK 6: DIE GAWE VAN VRIENDSKAP

Maandag: Jesus, Ons Heel Beste Vriend
Lees: 1 Petrus 5:6-7
SOAP: 1 Petrus 5:7

Dinsdag: Hy Noem Jou Vriend
Lees: Johannes 15:14-17
SOAP: Johannes 15:15

Woensdag: Hy is ons Getroue Vriend
Lees: Spreuke 18:24, Hebreërs 13:5-6
SOAP: Spreuke 18:24

Donderdag: Die Grootste Offer
Lees: Johannes 15:13, Romeine 5:8, Efesiërs 5:1-2
SOAP: Johannes 15:13

Vrydag: Lewegewende Vriendskappe
Lees: Filippense 2:1-18, Romeine 12:9-21
SOAP: Romeine 12:9-10

# JOU DOELWITTE

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir hierdie studie. Neem nou tyd en skryf drie doelwitte neer waarop jy wil fokus soos jy elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende paar weke, om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

Handtekening:

Datum:

# WEEK 1

*As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.*

**JOHANNES 13:35**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou familie te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Hoe openbaar die vriende van die verlamde man in Markus 2 goeie vriendskap? Hoe wys hulle die belangrikheid van 'n gemeenskap? Wat kan jy hierdie week vir jou vriende doen om hierdie mate van toewyding en verbondenheid aan jou vriende te openbaar?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Genesis 1:26-27*
26 Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."

27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

*1 Johannes 1:3*
3 Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 1:26-27, 1 Johannes 1:3*

SOAP:
*Genesis 1:27*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP*

GENESIS 1:27

GOD HET DIE MENS GESKEP AS SY VERTEENWOORDIGER, AS BEELD VAN GOD HET HY DIE MENS GESKEP, MAN EN VROU HET HY HULLE GESKEP.

*Oordenking*

Aan die begin van die Bybel kry ons ‘n blik op hoe God ons geskep het. Ons is nie per ongeluk of sonder doel gemaak nie, ons is as die beeld van God gemaak. Van alles wat God gemaak het, het Hy die mensdom gekies om te heers oor die skepping en om vir die wêreld te wys wie Hy is. Hierdie spesiale status beteken baie verskillende dinge, maar ons kan vir seker weet dat God ons gemaak het om in verhouding met ander te bestaan.

Ons God is drie-enig: drie in een. Een van die maniere waarop ons hierdie unieke (en dikwels verwarrende) werklikheid weerspieël, is dat ons gemaak is om in gemeenskap te leef met beide diegene wat anders en dieselfde is as ons. Selfs die feit dat God die mensdom as man en vrou geskep het, wys vir ons dat Hy Hom verheug in die mensdom se verskil in eenheid. Verhoudings met ander mense is nie opsioneel of onnodig nie. Ons het ander mense nodig, omdat God ons so gemaak het. Ons verhoudings kan onder druk geplaas word deur sonde - ons sonde, ander mense se sonde of die gebrokenheid van die wêreld rondom ons - maar verhoudings op sigself is goeie geskenke van God.

*Gebed*

Here, dankie dat U my as u beeld gemaak het. Dankie vir die verhoudings in my lewe. Help my om te onthou hoe belangrik hulle is, sodat ek ander mense kan behandel met die wete dat hulle ook as u beeld gemaak is. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Genesis 2:18*

18 Verder het die Here God gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal
vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.”

*Prediker 4:9-12*

9 Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. 10 As die een val, kan
die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op
te help nie. 11 As hulle twee langs mekaar slaap, word hulle warm, maar hoe sal
een wat alleen is, warm word? 12 Een alleen kan oorweldig word, twee saam kan
weerstand bied. ’n Driedubbele tou breek nie maklik nie.

*Matteus 18:20*

20 want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 2:18, Prediker 4:9-12, Matteus 18:20*

SOAP:
*Prediker 4:9-12*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP*

PREDIKER 4:9-12

TWEE VAAR BETER AS EEN. HULLE INSPANNING KOM TOT IETS. AS DIE EEN VAL, KAN DIE ANDER HOM OPHELP. MAAR AS EEN VAL WAT ALLEEN IS, IS DAAR NIEMAND OM HOM OP TE HELP NIE. AS TWEE LANGS MEKAAR SLAAP, WORD HULLE WARM, MAAR HOE SAL EEN WAT ALLEEN IS, WARM WORD? EEN ALLEEN KAN OORWELDIG WORD, TWEE SAAM KAN WEERSTAND BIED. 'N DRIEDUBBELE TOU BREEK NIE MAKLIK NIE.

*Oordenking*

Ons is geskep om op ander mense staat te maak. Soms kan ons mislei word deur te dink dat mense, voordat sonde die wêreld binnegedring het, heeltemal selfonderhoudend was en in staat was om alles op hulle eie te doen. Maar ons is, selfs voor die sondeval, geskep as beperkte skepsels: met beperkte krag en vermoëns. Ons is geskape as kleiner en swakker as baie ander wesens wat God gemaak het. Van die begin van die verhaal af het ons mekaar nodig gehad.

Hierdie gedeelte van Prediker handel oor vriendskap, en dit is 'n opsomming van die wonderlike voordele daarvan om in gemeenskap met mekaar te lewe. Ons kan saam werk om meer suksesvol te wees, mekaar help wanneer ons val, mekaar teen die koue van die wêreld beskerm, en ons kan saam teen die kwaad veg. Hierdie is 'n herinnering dat ons verhoudings 'n doel het: dit gaan nie net oor die goeie tye nie; dit is God se geskenk aan ons in moeilike tye. Ons moet verhoudings kweek wat hierdie doel vervul deur mekaar onselfsugtig te dien en vir ander te wys hoe dit lyk om vir mekaar om te gee.

*Gebed*

Here, dankie vir hierdie prentjie van hoe vriendskap lyk. Wys my asseblief die mense in my lewe wat ek beter kan dien en met wie ek 'n beter verhouding kan bou. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Genesis 3:8-13*

8 Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die
aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen
die bome van die tuin. 9 Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom
gevra: "Waar is jy?" 10 En die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin
en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip." 11 Die Here God
vra toe: "Hoe het jy te wete gekom dat jy kaal is? Het jy tog nie van die boom
geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie?" 12 Die mens het geantwoord:
"Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se
vrugte gegee, en ek het geëet." 13 Toe vra die Here God vir die vrou: "Wat het jy
nou gedoen?" en sy sê: "Die slang het my mislei, en ek het geëet."

*Genesis 4:6-8*

6 Toe sê die Here vir Kain: "Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk? 7 Wag
daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie – die sonde
wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers."

8 Kain het met sy broer Abel gepraat, en toe hulle in die veld was, het Kain vir
Abel oorweldig en hom doodgemaak.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 3:8-13, Genesis 4:6-8*

SOAP:
*Genesis 3:8*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP*

GENESIS 3:8

HULLE HET GEHOOR HOE DIE HERE GOD IN DIE TUIN WANDEL TEEN DIE TYD DAT DIE AANDWIND OPKOM, EN DIE MENS EN SY VROU HET VIR DIE HERE GOD WEGGEKRUIP TUSSEN DIE BOME VAN DIE TUIN.

*Oordenking*

Die toetrede van sonde tot die wêreld het die mensdom op baie maniere beïnvloed. Die wêreld waarin ons leef is fundamenteel verander: die skepping wat goed geskape was, is nou gebroke en korrup. Mense het verander: ons verhouding met God is verbrokkel en ons oriëntasie het na binne gedraai. Ons sal deurgaans selfsugtige en sondige keuses maak wat onsself, mekaar en God seermaak. Sonde het ons verhoudings beïnvloed - beide vertikaal en horisontaal. Ons is van God geskei deur ons sonde, en ons is van mekaar geskei.

Selfs ons pogings tot gemeenskap met ander sou deur sonde bevlek word: toe Adam en Eva saam vir die Here weggekruip het, het hulle op ‘n selfvernietigende manier saamgewerk. Hulle verhouding met mekaar sou deur sonde geskaad word (3:12-3:16), maar hulle sou ook hulle verhoudings gebruik om hulleself van God te distansieer. Verhoudings is ‘n goeie gawe van God, maar ons as sondige wesens weet net hoe om hierdie goeie geskenke te bederf. Ons kan ons verhoudings gebruik om saam te sondig, veral deur te skinder, ander uit te sluit, mekaar se sonde te regverdig of op mense te vertrou vir dinge wat net God ons kan bied.

*Gebed*

Here, dankie vir die gawe van verhoudings. Bewaak asseblief my hart, Here, teen die versoeking om my verhoudings te gebruik om teen ander en teen U te sondig. Ek wil nie vir U wegkruip nie, ek wil ‘n verhouding met U hê. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Johannes 13:35*

35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.

## *2 Korintiërs 5:18-20*

18 Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen
en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. 19 Die boodskap van
versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen
het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening
het Hy aan ons toevertrou. 20 Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit
is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus:
Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!

# DONDERDAG

LEES:
*Johannes 13:35, 2 Korintiërs 5:18-20*

SOAP:
*Johannes 13:35*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP*

JOHANNES 13:35

AS JULLE MEKAAR LIEFHET, SAL ALMAL WEET DAT JULLE DISSIPELS VAN MY IS.

*Oordenking*

Ons getuig teenoor die wêreld met meer as net ons woorde. Woorde is belangrik: ons moet die evangelie aan 'n vermoeide wêreld deel deur aan hulle die waarheid te vertel. Jesus het meer as dit gedoen. Hy het sy lewe geleef op 'n manier wat mense genooi het om Hom te volg. Hy het 'n gemeenskap van mense geskep wat so anders geleef het dat diegene rondom hulle verward, gefasineerd en soms kwaad was. Soos ons hierdie vreemde en radikale boodskap die wêreld in dra, kan ons mense die ware betekenis daarvan toon deur liefde vir mekaar te bewys.

Ons het die opdrag van God om verhoudings te versoen. In 'n wêreld wat deur sonde bederf is, is selfopofferende liefde ongewoon. Ons individuele verhoudings met mekaar, ons kerke, ons kleingroepe en Bybelstudies, ons gemeenskappe - al hierdie verhoudings kan getuig van die krag van die evangelie. Ons is nie op ons eie in staat om hierdie soort liefde wat vir mense sal wys dat ons Jesus se dissipels is, te toon nie. Met die krag van die Heilige Gees wat in ons lewens werk, kan ons die wêreld egter 'n tipe verhouding toon wat hulle nog nooit gesien het nie.

*Gebed*

Here, werk asseblief in my! Maak my meer soos u Seun, iemand wat oorweldigende liefde aan die wêreld betoon het. Help my om só lief te wees vir my broers en susters dat hulle deur my lewe sal sien wie U is. Amen.

# V R Y D A G

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Markus 2:1-5*

1 Toe Jesus ná ’n paar dae weer in Kapernaum kom, het dit bekend geword dat Hy
by die huis is. 2 Baie mense het daar saamgedrom, sodat daar selfs by die deur nie
meer plek was nie. Hy was besig om met hulle oor sy boodskap te praat. 3 Daar
kom toe mense wat ’n verlamde man na Hom toe bring. Vier van hulle het hom
gedra. 4 Toe hulle hom weens die gedrang nie by Jesus kon kry nie, breek hulle die
dak reg bokant Hom oop, en nadat hulle ’n opening in die dak gemaak het, laat
hulle die draagbaar waarop die verlamde man gelê het, daardeur afsak. 5 Toe Jesus
hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: “Vriend, jou sondes word vergewe!”

# VRYDAG

LEES:
*Markus 2:1-5*

SOAP:
*Markus 2:4*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP*

MARKUS 2:4

TOE HULLE HOM WEENS DIE GEDRANG NIE BY JESUS KON KRY NIE, BREEK HULLE DIE DAK REG BOKANT HOM OOP, EN NADAT HULLE ‘N OPENING IN DIE DAK GEMAAK HET, LAAT HULLE DIE DRAAGBAAR WAAROP DIE VERLAMDE MAN GELÊ HET, DAARDEUR AFSAK.

*Oordenking*

Hoe lyk ‘n goeie vriend of vriendin? Die vriende in hierdie gedeelte is ‘n kragtige voorbeeld van wat dit beteken om ‘n opregte vriend te wees. Hierdie vriende het geweet hoeveel hulle vriend ly en het gehoop dat Jesus hom kon genees. Toe die skare mense dreig om hulle vriend se genesing in die wiele te ry, het hulle nie tou opgegooi nie. Hulle het ‘n baie kreatiewe oplossing gekry wat groot geloof aan die dag gelê het. Waar ons lees dat Jesus hulle geloof gesien het, beteken dit dat Hy nie net die hardwerkende vriende se geloof gesien het nie, maar ook die verlamde s’n.

Dit vra geloof om vir jou vriende op te kom, en dit verg geloof om hulle vir jou te laat baklei. Wanneer ons vriende swaarkry, moet ons dié soort vriende wees wat sal veg om God se vertroosting en genesing te verkry. As ons swaarkry, is dit dikwels nodig dat ons ophou om self te probeer stry en ons moet ons vriende toelaat om ons laste saam met ons te dra. Ons was nie bedoel om selfonderhoudend te wees nie; ons is geskape met ‘n behoefte aan verhoudings wat ons weer by God sal uitbring.

*Gebed*

God, wys vir my wie in my lewe seer het. Gee vir my die middele om hulle goed te kan help en gee vir my die regte woorde om hulle te troos en U te verheerlik. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe is ons ontwerp vir vriendskap en gemeenskap met mekaar? Hoe moet ons leef met die wete dat ons so ontwerp is?

2. Op watter maniere bied die lewe in gemeenskap met mekaar voordele vir ons lewens, sowel as dié van ander?

3. Hoe het sonde wat die wêreld binnegekom het, ‘n invloed gehad op ons vermoë om in gemeenskap met God te leef? Hoe het hierdie gebeurtenis ons vermoë om in gemeenskap met ander te leef, beïnvloed?

4. Hoe toon ons liefde vir ons vriende en ander gelowiges in Christus, God se liefde aan die wêreld?

5. Hoe kan ons die bediening van versoening uitleef en ‘n voorbeeld wees van Christus se liefde vir die wêreld?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 2

*Die heerlikheid wat U my gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.*

**JOHANNES 17:22-23**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou land te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Wat kan jy hierdie week doen om jou vriende aan te spoor tot liefde en goeie dade? Spandeer hierdie week tyd saam met jou vriende en bemoedig en spoor mekaar aan met God se Woord.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Romeine 12:1-8*

1 En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming
van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom
aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.
2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle
verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil
van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

3 Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie
van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop
toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan
elkeen toebedeel het. 4 Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal
dieselfde funksie nie. 5 Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en
almal afsonderlik lede van mekaar. 6 Ons het genadegawes wat van mekaar verskil
volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van
profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. 7
As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig
gee. 8 As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat
dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander
help, dan met blymoedigheid.

## *1 Petrus 4:10*

10 As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate
hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.

# MAANDAG

LEES:
*Romeine 12:1-8, 1 Petrus 4:10*

SOAP:
*Romeine 12:4-5, 1 Petrus 4:10*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP*

ROMEINE 12:4-5

ONS HET BAIE LEDE IN EEN LIGGAAM, EN DIE LEDE HET NIE ALMAL DIESELFDE FUNKSIE NIE. NET SO IS ONS, AL IS ONS BAIE, IN CHRISTUS EEN LIGGAAM, EN ALMAL AFSONDERLIK LEDE VAN MEKAAR.

1 PETRUS 4:10

AS GOEIE BEDIENAARS VAN DIE VEELVOUDIGE GENADE VAN GOD MOET ELKEEN, NAMATE HY 'N GENADEGAWE ONTVANG HET, DIE ANDER DIEN.

*Oordenking*

Ons wens dalk soms dat ons vriende meer soos ons was - dat hulle dieselfde belangstellings as ons sou hê, net soos ons voel, oor alles met ons saamstem - maar dis baie goeie nuus dat ons nie almal dieselfde is nie. Ons kan mekaar op unieke maniere versterk en bemoedig omdat ons almal verskillende gawes het. Iemand het dalk 'n sterk geloof waarop 'n ander vriendin kan steun wanneer sy sukkel om God te vertrou. Iemand anders met 'n goeie begrip van die Skrif kan dit aan haar vriendinne uitlê. Hierdie gawes is nie vir ons om op ons eie te geniet nie, maar dit word deur God aan ons gegee om mekaar te dien en tesame nog meer in Christus verenig te word.

Ons behoort aan mekaar, en daarom het ons geen reg om ons eie gawes net vir ons eie gewin te gebruik nie. Vriendskap kan ons help om op te hou kompeteer of gawes te vergelyk, die kollig op onsself te vestig of iemand anders se gawes gering te skat. Ons is in dieselfde span, en ons gawes is bedoel om mekaar aan te vul.

*Gebed*

God, wys my hoe om my gawes te gebruik om die liggaam van Christus te dien. Wys my hoe om my vriende met hulle gawes aan te moedig en dit opreg te waardeer in plaas van te kompeteer of vergelyk. Help ons om vir die wêreld te wys wat dit beteken om in U verenig te wees. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Johannes 17:20-24*

20 “Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot
geloof in My sal kom. 21 Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader,
in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat
U My gestuur het. 22 Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle
gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: 23 Ek in hulle en U in My,
sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het
en hulle liefhet net soos U My liefhet.

24 “Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My
moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee
het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.

# DINSDAG

LEES:
*Johannes 17:20-24*

SOAP:
*Johannes 17:22-23*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP*

JOHANNES 17:22-23

DIE HEERLIKHEID WAT U MY GEGEE HET, HET EK OOK AAN HULLE GEGEE, SODAT HULLE EEN KAN WEES NET SOOS ONS EEN IS: EK IN HULLE EN U IN MY, SODAT HULLE VOLKOME EEN KAN WEES, SODAT DIE WÊRELD KAN WEET DAT U MY GESTUUR HET EN HULLE LIEFHET NET SOOS U MY LIEFHET.

*Oordenking*

Die wêreld het baie ervaring van ongesonde verhoudings. Die ongelowiges rondom ons is gewoond aan vriendskappe wat bestaan uit 'n geskinder en kliekerigheid, vriende wat mekaar net help as hulle iets terug verwag, en vriendskappe vol rusie en onenigheid. 'n Deel van ons getuienis aan die wêreld wat ons dophou, is om vir hulle iets anders te wys. Wanneer ons vriendskappe gekenmerk word deur opofferende liefde, wys dit God se opofferende liefde vir die wêreld.

Die Vader het die Seun die wêreld in gestuur om opregte liefde te betoon, en Hy stuur ons ook met dieselfde opdrag. As ons verhoudings aankweek wat gekenmerk word deur eerlikheid, genade en diensbaarheid, kan ons dalk net mense wat uitgehonger is vir so 'n verhouding se aandag trek. Sulke verhoudings is skaars en ons het die geleentheid om dit nie net vir ander te modelleer nie, maar om sulke vriendskappe vir hulle aan te bied. As ons gefrustreerd voel omdat ons pogings om mense te evangeliseer misluk, moet ons dalk terugtree en onsself afvra hoe ons 'n goeie vriend of vriendin vir ander kan wees. Ons liefde vir mekaar - en ons insluiting van buitestanders - kan dalk vir ons geleenthede ontsluit om mense na die Een wat ons gestuur het, te wys.

*Gebed*

God, stuur mense in my lewe met wie ek u liefde kan deel! Maak my vriendskappe hegter, sodat ek vir mense u liefde vir die wêreld kan wys. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *1 Samuel 18:1-4*

1 Nadat Dawid klaar met Saul gepraat het, het Jonatan baie geheg geraak aan Dawid en
hom liefgekry soos homself. 2 Dieselfde dag nog het Saul vir Dawid saamgevat huis toe
en hom nie toegelaat om na sy pa se huis toe terug te gaan nie. 3 Jonatan en Dawid het ’n
verbond gesluit omdat Jonatan hom liefgekry het soos homself. 4 Jonatan het die mantel
wat hy aangehad het, uitgetrek en dit vir Dawid gegee, ook sy uitrusting, sy swaard, sy
boog en sy gordel.

## *1 Samuel 20*

1 Daarna het Dawid uit die profetekwartiere in Rama padgegee en by Jonatan gekom en
vir hom gevra: “Wat het ek gedoen? Wat is my oortreding of wat het ek verkeerd gedoen
teenoor jou pa dat hy my lewe soek?”

2 Jonatan het hom geantwoord: “Nee, wag. Jy sal nie sterwe nie. Jy weet goed my pa doen
niks, groot of klein, sonder om dit vetroulik vir my te vertel nie. Waarom sou my pa dan
hierdie ding vir my wegsteek? Dit is nie soos jy dink nie.”

3 Dawid het toe vir Jonatan met ’n eed verseker: “Jou pa weet baie goed dat jy van my hou
en hy het gedink: Jonatan mag dit nie weet nie sodat hy nie sleg voel nie. Maar so seker as
die Here leef en so seker as jy leef, daar is maar net een tree tussen my en die dood.” 4 En
Jonatan sê vir Dawid: “Ek sal vir jou doen net wat jy wil hê.”

5 Dawid sê toe vir Jonatan: “Môre is dit nuwemaan, en ek móét saam met die koning
aansit om te eet. Maar laat my gaan dat ek in die veld kan wegkruip tot die derde aand. 6
As jou pa uitdruklik na my vra, moet jy sê: ‘Dawid het my dringend verlof gevra om gou
na sy stad Betlehem toe te gaan, want die hele familie se jaarlikse offer vind daar plaas.’ 7
As hy sou sê: ‘Goed!’ dan is ek veilig, maar as hy baie kwaad word, weet dan beslis dat hy
klaar besluit het om my dood te maak. 8 Jy het my met ’n verbond van die Here aan jou
verbind. Toon jou trou aan my, en as ek skuldig is, maak jy my dan dood. Waarom moet jy
my nog na jou pa toe bring?”

9 Toe antwoord Jonatan: “Nee, as ek seker weet dat my pa klaar besluit het om jou dood te
maak, sal ek jou dit beslis laat weet.” 10 Dawid sê toe vir Jonatan: “Wie sal vir my kom sê
of jou pa jou ’n harde antwoord gegee het?” 11 Jonatan het daarna vir Dawid gesê: “Kom
ons gaan uit veld toe.”

Hulle twee het veld toe gegaan, 12 en Jonatan het vir Dawid gesê: “So seker as die Here die
God van Israel leef, ek sal my pa môre of oormôre pols. Hy sal gunstig gestem wees teenoor
jou. So nie, sal ek na jou toe stuur en dit in die geheim aan jou bekend maak. 13 Mag die
Here my om die lewe bring as my pa besluit het om jou dood te maak en ek jou dit nie
in die oor fluister nie en jou nie kans gee om veilig weg te kom nie. Mag die Here by jou
wees soos Hy by my pa was. 14 En as ek dan nog lewe, moet jy die trou van die Here aan
my betoon, sodat ek nie sterwe nie, 15 en jy moet jou trou nooit aan my familie onttrek
nie. Selfs wanneer die Here die vyande van Dawid een vir een van die aarde af wegvee, 16
mag Jonatan nie deur die familie van Dawid uitgeroei word nie, want dan sal die Here dit
vergeld deur Dawid se vyande.” 17 Jonatan het Dawid dit met ’n eed vir hom laat belowe
vanweë sy liefde vir hom, want hy het hom liefgehad soos homself. 18 Jonatan het ook nog
vir hom gesê: “Môre is nuwemaan, en jy sal gemis word omdat jou leë sitplek opgemerk
sal word. 19 Op die derde dag moet jy beslis na die plek toe kom waar jy die vorige keer

op die werkdag weggekruip het. Jy moet langs die hoop klippe gaan sit. 20 Ek sal drie pyle
aan die kant daarvan verby skiet, asof ek na ’n teiken skiet. 21 Dan sal ek my slaaf stuur:
‘Gaan soek die pyle.’ As ek uitdruklik vir hom sê: ‘Kyk, die pyle is duskant jou; tel hulle
op en kom!’ is jy veilig en so seker as die Here leef, daar is dan geen gevaar nie. 22 Maar as
ek vir hom sê: ‘Kyk, die pyle is anderkant jou!’ moet jy weggaan. Dan stuur die Here jou
weg. 23 En wat die saak betref waaroor ek en jy gepraat het: onthou, die Here is vir altyd
getuie daarvan.”

24 Dawid het toe in die veld weggekruip. Met nuwemaan het die koning by die maaltyd
aangesit, 25 en hy het soos gewoonlik op sy plek teen die muur gaan sit. Jonatan het
regoor hom gesit en Abner langs Saul. Dawid se leë plek is opgemerk, 26 maar op daardie
dag het Saul niks gesê nie, want hy het gedink: daar moes iets gebeur het, en hy is dalk nie
rein nie, hy mag dalk nie aan tafel kom nie. 27 Die volgende dag van die nuwemaan, die
tweede dag, is Dawid se leë plek weer opgemerk. Saul vra toe vir sy seun Jonatan: “Waarom
het die seun van Isai gister en vandag nie na die maaltyd toe gekom nie?”

28 Maar Jonatan het vir Saul geantwoord: “Dawid het my dringend verlof gevra om na
Betlehem toe te gaan. 29 Hy het gesê: ‘Laat my tog gaan, want ons het ’n familie-offer in
die stad. My broer self het my laat roep. As u dit goedvind, laat my dan tog gaan sodat ek
my broers kan gaan besoek.’ Daarom het hy nie aan die koning se tafel verskyn nie.”

30 Toe het Saul hom bloedig vererg vir Jonatan en gesê: “Jou rebelse ellendeling! Jy verkies
mos die seun van Isai tot jou eie skande en tot skande van jou ma wat jou in die wêreld
gebring het. 31 Solank die seun van Isai op hierdie aarde leef, sal daar nie plek wees vir jou
en jou koningskap nie. Stuur en bring hom na my toe, hy moet dood!”

32 Daarop het Jonatan sy pa geantwoord en gevra: “Waarom moet hy doodgemaak word?
Wat het hy gedoen?” 33 Toe Saul die spies na Jonatan mik om hom dood te maak, het
Jonatan geweet sy pa is vasbeslote om vir Dawid om die lewe te bring. 34 Woedend het
Jonatan van die tafel af opgestaan en op die tweede dag van die nuwemaan niks geëet nie
omdat hy bekommerd was oor Dawid en omdat Saul vir Dawid so sleg behandel.

35 In die môre het Jonatan volgens sy afspraak met Dawid uitgegaan na die veld toe, en
daar was ’n jong slaaf by hom. 36 Hy het vir sy slaaf gesê: “Hardloop, gaan haal die pyle
wat ek afskiet.” Die slaaf het gehardloop en Jonatan het die pyl by hom verby geskiet.
37 Toe die slaaf by die plek kom waarheen Jonatan die pyl geskiet het, het Jonatan agter
hom aan geroep en gesê: “Die pyl lê verder.” 38 Jonatan het weer agter hom aan geroep:
“Maak gou! Vinnig! Moenie tyd mors nie!” Die slaaf het toe die pyl opgetel en na Jonatan
toe gekom. 39 Hy het van niks geweet nie. Net Jonatan en Dawid het daarvan geweet. 40
Jonatan het sy wapens aan die slaaf wat by hom was, gegee en vir hom gesê: “Loop! Vat dit
stad toe.”

41 Toe die slaaf weg was, het Dawid opgestaan langs die kliphoop en op sy knieë geval
en drie maal vooroor gebuig. Hulle het mekaar gesoen en saam gehuil totdat Dawid baie
ontroerd geword het. 42 Jonatan het vir Dawid gesê: “Gaan in vrede omdat ons twee in
die Naam van die Here trou gesweer het en gesê het: Die Here is vir altyd daarvan getuie
tussen ons en tussen ons twee nageslagte.” 43 Dawid het toe klaargemaak en weggegaan,
maar Jonatan is terug stad toe.

# WOENSDAG

LEES:
*1 Samuel 18:1-4, 1 Samuel 20*

SOAP:
*1 Samuel 18:1-4*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP*

1 SAMUEL 18:1-4

NADAT DAWID KLAAR MET SAUL GEPRAAT HET, HET JONATAN BAIE GEHEG GERAAK AAN DAWID EN HOM LIEFGEKRY SOOS HOMSELF. DIESELFDE DAG NOG HET SAUL VIR DAWID SAAMGEVAT HUIS TOE EN HOM NIE TOEGELAAT OM NA SY PA SE HUIS TOE TERUG TE GAAN NIE. JONATAN EN DAWID HET 'N VERBOND GESLUIT OMDAT JONATAN HOM LIEFGEKRY HET SOOS HOMSELF. JONATAN HET DIE MANTEL WAT HY AANGEHAD HET, UITGETREK EN DIT VIR DAWID GEGEE, OOK SY UITRUSTING, SY SWAARD, SY BOOG EN SY GORDEL.

*Oordenking*

Min van ons sal daaraan dink om 'n verbond met ons vriende te sluit! Dawid en Jonatan is 'n goeie voorbeeld van hoe heg 'n vriendskap kan wees wanneer dit in wedersydse liefde vir God gewortel is. Selfs toe Jonatan se pa Dawid wou doodmaak, het Jonatan lojaal gebly aan sy vriend. Dit kan baie van ons verbaas om te dink dat ons geloof van ons kan vra om meer lojaal aan ons vriende te wees as aan ons familie! Die Nuwe Testament voer hierdie voorbeeld selfs nog verder. God se volk word nie meer gedefinieer deur geboorte in die etniese volk Israel nie, maar deur aanvaarding in God se familie.

Ons vriendskappe met gelowiges behoort anders te lyk as ons ander verhoudings omdat ons 'n gemeenskaplike doel het. Ons is geroep om ons lewens so te lei dat dit na die koninkryk van God wys, om Hom met ons lewens te verheerlik, en om 'n vermoeide wêreld die Goeie Nuus van die evangelie te vertel. Net soos in Jonatan se geval kan ons getrouheid aan God spanning in ons gesinne veroorsaak, maar hy het die gawe van 'n godvresende vriend gehad. Ons kan vertroosting vind in die ewige gesin waarin ons opgeneem is.

*Gebed*

God, dankie dat U my deel van u gesin gemaak het! Help my om net soos Jonatan vir Dawid, my vriende te beskerm en vir hulle te veg. Amen.

# D O N D E R D A G

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Galasiërs 6:1-10*

1 Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die
Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan
self ook in versoeking kom. 2 Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering
aan die wet van Christus. 3 As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg
hy homself. 4 Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy
daarop trots wees sonder om dit met dié van 'n ander te vergelyk. 5 Elkeen sal
rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het.

6 Iemand wat onderrig ontvang in die woord van God, moet sy leermeester laat
deel in al die goeie dinge wat hy het. 7 Moenie julleself mislei nie: God laat nie
met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. 8 Wie op die akker van
sy sondige natuur saai, al van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie
op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. 9 Laat ons dan
nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die
bestemde tyd ook die oes insamel. 10 Solank ons die geleentheid het, moet ons dus
aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.

# DONDERDAG

LEES:
*Galasiërs 6:1-10*

SOAP:
*Galasiërs 6:2*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP*

GALASIËRS 6:2

DRA MEKAAR SE LASTE, EN GEE OP DIÉ MANIER UITVOERING AAN DIE WET VAN CHRISTUS.

*Oordenking*

Ons verhouding met God is nie privaat nie. Soms is ons geneig om te dink dit is: "ek en Jesus teen die wêreld," asof die enigste ding wat regtig saak maak, ons persoonlike verhouding met Christus is. Daardie verhouding is ongelooflik belangrik, maar soos Paulus in Galasiërs 6:2 uitwys, hierdie persoonlike verhouding het sekere vereistes: om die wet van Christus te vervul. Jesus het sy jare van aardse bediening deurgebring om mense oor Homself en sy Vader te leer, maar Hy het ook baie tyd daaraan bestee om mense te leer hoe om mekaar te behandel en hoe om hulle lewens te leef. Hy het met etiese opdragte gekom, insluitend die een in hierdie vers: dra mekaar se laste!

Ons verhouding met God moet uitvloei in die manier waarop ons ander behandel, veral ander in die familie van God. Ons almal het laste om te dra, of dit nou lyding, verlies, teleurstelling, frustrasie of vrees is. Miskien is ons grootste geskenk aan mekaar ons gewilligheid om die lading te help dra. Wanneer ons in die versoeking kom om wanhopig te word, is dit die troos van ons vriende wat ons kan help om geloof te hê. Wanneer ons hierdie opdrag volg om mekaar se laste te dra, wys ons dat ons glo wat Jesus gesê het en wat Hy gedoen het: om die las van sonde namens ons te dra.

*Gebed*

Here, dankie dat U my grootste las vir my gedra het! Wys my hoe ek die mense in my lewe wat ly kan dien en troos. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Hebreërs 10:24-25*
24 Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie
dade. 25 Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party
se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des
te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

*Rut 1:16-17*
16 Maar Rut het geantwoord: "Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en
om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk
is my volk; u God is my God; 17 waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe
word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei."

# VRYDAG

LEES:
*Hebreërs 10:24-25, Rut 1:16-17*

SOAP:
*Hebreërs 10:24-25*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP*

HEBREËRS 10:24-25

LAAT ONS OOK NA MEKAAR OMSIEN DEUR MEKAAR AAN TE SPOOR TOT LIEFDE EN GOEIE DADE. ONS MOENIE VAN DIE SAMEKOMSTE VAN DIE GEMEENTE AF WEGBLY SOOS PARTY SE GEWOONTE IS NIE, MAAR MEKAAR EERDER AANMOEDIG OM DAARHEEN TE GAAN, EN DIT DES TE MEER NAMATE JULLE DIE OORDEELSDAG SIEN NADER KOM.

*Oordenking*

Om mekaar se laste te dra is moeilike werk. Soms doen ons dit letterlik: as 'n vriend verhuis, kan jy help om swaar meubels en bokse op en af te dra, in 'n vragmoter in te laai en alles by hul bestemming af te laai. Soms is hierdie laste emosioneel of geestelik, soos hartseer, vrees, geestesongesteldheid of geloofsvrae. Die werk om laste te dra kan vermoeiend wees, en baie van ons kom voor die versoeking om op te gee. Wanneer ons voel dat ons al soveel vir ons vriende gedoen het deur fisiese, tasbare laste te dra, kan ons in die versoeking kom om te wil opgee op hul emosionele of geestelike laste.

Maar 'n goeie vriend laat vaar nie hul verhoudings nie. Net soos die kerk die opdrag gegee word om aan te hou om bymekaar te kom, selfs wanneer dit moeilik is en net soos Rut aan Naomi getrou was, selfs al was sy nie verplig om by haar te bly nie, word ons geroep om ons vriende te ondersteun. Ons kan mekaar aanmoedig om God meer opreg lief te hê en Hom getrouer te dien deur ons volhardende vriendskap. Wanneer dit makliker sal wees om op te gee op iemand, is dit presies die belangrikste oomblik om aan te toon dat ons liefde van God kom, nie van onsself nie. Hy is die bron van ons getrouheid aan mekaar.

*Gebed*

God, help my om my vriende lief te hê. Wys my wie my ondersteuning nou nodig het en wys my hoe ek dit kan voorsien met behulp van u krag. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe is gelowiges in Christus almal deel van een liggaam?

2. Waarom dink jy het God elkeen van ons ‘n ander funksie in die liggaam van Christus gegee? Hoe help dit die liggaam van Christus om te groei?

3. Waarom is dit belangrik om mekaar se laste te dra? Hoe kan jy die laste van jou vriende dra?

4. Is die dra van ander se laste dieselfde as om hul probleme op te los? Hoe verskil die twee?

5. Hoe toon eenheid in die liggaam van Christus, God se liefde vir sy Seun?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 3

*Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.*

**KOLOSSENSE 3:14**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou vriende te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Wy jouself daaraan toe om hierdie week 'n absolute betroubare vriend te wees. As jy van iemand skinder of iets deel wat jy nie moet nie, werk doelbewus daaraan om gewoontes op te bou wat liefde en vertroue in vriendskap kweek, in plaas van onenigheid.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Lukas 6:31-36*

31 Behandel ander mense soos julle self behandel wil word.

32 "As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter aanspraak op dank het julle
dan nog? Ook die sondaars het net dié lief wat vir hulle liefhet. 33 En as julle
goed doen net aan dié wat aan julle goed doen, watter aanspraak op dank het julle
dan nog? Die sondaars maak maar net so. 34 En as julle geld leen net aan dié van
wie julle hoop om dit terug te kry, watter aanspraak op dank het julle dan nog?
Sondaars leen ook aan sondaars, solank hulle maar dieselfde bedrag kan terugkry.
35 Nee, sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande liefhê en goed
doen en uitleen. Dan sal daar vir julle 'n groot beloning wees: julle sal kinders van
die Allerhoogste wees, omdat Hy self goed is vir die ondankbares en slegtes. 36
Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is."

# MAANDAG

LEES:
*Lukas 6:31-36*

SOAP:
*Lukas 6:31*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP*

LUKAS 6:31

BEHANDEL ANDER MENSE SOOS JULLE SELF BEHANDEL WIL WORD.

*Oordenking*

Sommige van ons hou punte van ons vriendskappe in ons koppe: punte vir vriendelikheid en vrygewigheid, negatiewe punte vir 'n harde woord of 'n onvervulde belofte. Ons sal opdaag vir 'n vriend in nood as hulle dieselfde vir ons gedoen het, maar nie as ons dink dat hulle nie ons hulp verdien nie. Ons kan voel dat 'n vriend "ons skuld" as gevolg van wat ons vir hulle gedoen het. Nie een van hierdie denkwyses is die manier waarop Jesus ons roep om ander te behandel nie.

Die wêreld van die eerste eeu verskil in hierdie verband nie so baie van ons wêreld nie: ons verwag wederkerigheid. As iemand vriendelik met jou is, betoon jy vriendelikheid. As iemand jou seermaak, maak jy hulle terug seer. Jesus se opdrag is vandag net so radikaal soos destyds: gee liefde vrylik, en verwag niks terug nie. In plaas daarvan om vriende te kies op grond van wat hulle ons kan gee – deur hul rykdom, mag of invloed – is ons vry om ander lief te hê sonder voorwaardes. God was genadig met ons toe ons sy toorn verdien het, en ons kan hierdie verlossingswaarheid aan die wêreld wys deur ander goed te behandel sonder om te verwag dat hulle op hulle beurt dieselfde sal doen.

*Gebed*

Here God, dankie dat U my beter behandel as wat ek verdien! Gee my die genade om ander op dieselfde manier lief te hê. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Spreuke 27:5-6*

5 'n Openlike bestraffing is beter
as liefde wat onsigbaar bly.
6 Op 'n vriend wat jou seermaak,
kan jy reken;
iemand wat jou haat, is oordadig
met sy soene.

*Spreuke 28:23*

23 Wie iemand teregwys,
kry eerder agterna dank
as wat 'n vleier dit kry.

*Efesiërs 4:15-16*

15 Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus
toe. Hy is immers die hoof, 16 en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende
liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy
funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

# DINSDAG

LEES:
*Spreuke 27:5-6, Spreuke 28:23, Efesiërs 4:15-16*

SOAP:
*Efesiërs 4:15-16*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP*

EFESIËRS 4:15-16

NEE, ONS SAL IN LIEFDE BY DIE WAARHEID BLY EN SO IN ALLE OPSIGTE GROEI NA CHRISTUS TOE. HY IS IMMERS DIE HOOF, EN UIT HOM GROEI DIE HELE LIGGAAM. DIE VERSKILLENDE LIGGAAMSDELE PAS BY MEKAAR EN VORM SAAM 'N EENHEID. ELKEEN VAN HULLE VERVUL SY FUNKSIE, EN SO BOU DIE LIGGAAM HOMSELF OP IN LIEFDE.

*Oordenking*

Sommige van ons stel meer daarin belang om gaaf te wees as om goedgunstig te wees. Ons wil hê dat almal van ons moet hou, en daarom sit ons 'n vals glimlag op en maak asof alles reg is, selfs al is dit nie. Ons vermy twispunte of ongemaklike gesprekke omdat ons bang is om iemand te ontstel, en ons hanteer meningsverskille op die oppervlak, sonder om by die wortel van die probleem te kom. Dit is vir ons meer belangrik dat ander van ons hou as dat ons lief is vir die mense in ons lewens.

Dit is nie opregte liefde nie. Paulus het die Christene in Efese aangemoedig om in liefde by die waarheid te bly, wetende dat ware verhoudings op eerlikheid en liefde gebaseer is. Sonder waarheid is ons liefde oppervlakkig en wankelrig, en word dit maklik deur probleme gebreek. Sonder liefde is ons waarheid so onverbiddelik dat dit versoening voorkom. In stede daarvan word ons geroep om albei saam te beoefen: om die waarheid met vrymoedigheid te spreek, want ons is lief vir diegene wat dit moet hoor. Wanneer ons elkeen ons deel doen om sterker verhoudings te bou, vertoon die hele liggaam van Christus die liefde en die waarheid in die kern van ons geloof beter.

*Gebed*

Here God, help my om ander meer lief te hê as wat ek begeer dat ander van my hou. Gee my hierdie week die geleenthede en die krag om waarheid in liefde in my verhoudings te beoefen. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Spreuke 11:13*

13 Iemand wat loop en skinder,
lap geheime uit;
’n betroubare mens bewaar
‘n geheim.

# WOENSDAG

LEES:
*Spreuke 11:13*

SOAP:
*Spreuke 11:13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP*

SPREUKE 11:13

IEMAND WAT LOOP EN SKINDER, LAP GEHEIME UIT; ‘N BETROUBARE MENS BEWAAR ‘N GEHEIM.

*Oordenking*

Dit is een van die mees algemene strategieë van ons vyand: om goeie gawes van God te neem en dit te verdraai tot instrumente van vernietiging. Skinder is so ‘n verdraaiing, want dit neem die spesiale gawe van ‘n band wat tussen mense vorm deur stories te deel, en verander dit in ‘n magtige krag om verhoudings te vernietig. Baie van ons het al die band ervaar wat gevorm kan word as ‘n groep vriende of kollegas skinder. Ons wil almal deel in die geheim en sappige inligting met ‘n vriend deel. Skinder kan meer skade aanrig as wat ons besef.

Verhoudings is gebaseer op vertroue, en ons vernietig hierdie vertroue wanneer ons skinder. Ons benadeel ook verhoudings met diegene saam met wie ons skinder, want ons toon dat ons nie vertrou kan word om ons vriende te eer nie. Vriendskappe wat op skinder gebou is, is lugspieëlings: dit lyk eg, maar dit verdwyn sodra ons probeer om daarop te vertrou. Ware vriendskappe vereis die wete dat ons op mekaar kan staatmaak om ons private vrese en hoop vertroulik te hou, omdat ons die ander persoon genoeg liefhet om hul vertroue te prioritiseer bo die kortstondige opwinding van skinder.

*Gebed*

Here God, veroordeel my hart die volgende keer wanneer ek in die versoeking kom om te skinder. Wys my hoe om ware en blywende vertrouensverhoudinge te bou. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Spreuke 27:17*
17 Yster slyp yster,
vriende vorm mekaar.

*Spreuke 27:9*
9 Reukolie en wierook is iets
om te geniet,
maar die genot van vriendskap lê
in die raad wat jy kry.

# DONDERDAG

LEES:
*Spreuke 27:17, Spreuke 27:9*

SOAP:
*Spreuke 27:17*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP*

SPREUKE 27:17

YSTER SLYP YSTER,
VRIENDE VORM MEKAAR.

*Oordenking*

As jy al ooit jou hand met 'n stomp mes gesny het, weet jy hoe belangrik dit is dat gereedskap skerp moet wees. 'n Stomp mes vervul nie sy doel nie (om die regte voorwerp met presisie te sny) en veroorsaak eerder pyn. Yster kan met 'n ander stuk yster geslyp word. Een gereedskap wat funksioneer waarvoor dit bedoel is, word gebruik om 'n ander stomp gereedskap weer tot sy regte toestand te herstel. Dit is wat ons vriendskappe moet doen: om mekaar weer te laat funksioneer waarvoor ons bedoel was.

Sedert sonde in die wêreld gekom het, het niks gefunksioneer soos dit moet nie, insluitende mense. In plaas daarvan om op God gerig te wees, het ons na ons eie binneste gekeer. Ons word verteer deur selfsugtige vernietiging omdat ons nie funksioneer soos ons Skepper dit bedoel het nie. Ons vriende kan instrumente van God se genade in ons lewens wees om ons tot ons regmatige toestand te herstel. Dit gebeur as ons mekaar vriendelik bestraf oor sonde in ons lewens, mekaar aanmoedig en mekaar help om te groei in ons gawes.

*Gebed*

Here God, dankie vir die geskenk van vriende! Help my om die soort verhoudings te kweek wat my in my geloof versterk. Wys my hoe ek hierdie soort vriend vir die mense in my lewe kan wees. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*Kolossense 3:12-14*

12 Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle
meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees
geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos
die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet
julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.

*Efesiërs 4:32*

32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

*Spreuke 17:17*

17 Op 'n vriend se liefde kan jy
 altyd reken;
jou broer is daar
 met die oog op jou nood.

# VRYDAG

LEES:
*Kolossense 3:12-14, Efesiërs 4:32, Spreuke 17:17*

SOAP:
*Kolossense 3:12-14*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP*

KOLOSSENSE 3:12-14

JULLE IS DIE UITVERKORE VOLK VAN GOD WAT HY BAIE LIEF HET. DAAROM MOET JULLE MEELEWEND, GOEDGESIND, NEDERIG, SAGMOEDIG EN VERDRAAGSAAM WEES. WEES GEDULDIG MET MEKAAR EN VERGEWE MEKAAR AS DIE EEN IETS TEEN DIE ANDER HET. SOOS DIE HERE JULLE VERGEWE HET, MOET JULLE MEKAAR OOK VERGEWE. BO DIT ALLES MOET JULLE MEKAAR LIEFHÊ. DIT IS DIE BAND WAT JULLE TOT VOLMAAKTE EENHEID SAAMBIND.

*Oordenking*

Al ons vriendskappe sal op die een of ander stadium vergifnis verg. Ons maak foute, ons kommunikeer verkeerd, ons sondig selfs doelbewus teen mekaar. Die teken van ‘n goeie vriendskap is nie dat vriende nooit stry nie, maar dat hulle versoening nastreef. Dit mag dalk eenvoudig klink, maar vergifnis is selde maklik. Dit beteken dat ons die gewig van ‘n ander persoon se sonde op onsself sal moet neem, hul foute hanteer en kies om in elk geval ‘n verhouding met hulle te hê. Dit beteken dat ons nie die sondes van die verlede teen hulle kan hou, of telling hou van elke verkeerde ding wat hulle ooit gedoen het nie.

Dan kom die mees radikale deel van hierdie opdrag: ons word instruksie gegee om ander te vergewe soos God ons vergewe het. God het ons vergewe toe ons niks gedoen het om vergifnis te verdien nie, en dit het Hom duur te staan gekom om versoening met ons te verseker. Hierdie soort vergifnis is ondenkbaar vir baie van ons wat nog net verhoudings geken het wat altyd weifel op die randjie van ‘n volgende ontploffing, waar ou sondes weer opgehaal word. Maar daardie vergifnis is nodig. Dit sal vir die res van die wêreld vreemd lyk - ‘n getuienis van die verskil wat God in ons lewens maak.

*Gebed*

Here, gee my die genade om vergifnis te bied aan mense wat my onreg aangedoen het. Help my om te verstaan hoe U my vergewe het, sodat ek ander kan vergewe. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Waarom is dit belangrik dat ons diegene wat ons seermaak met vriendelikheid en genade behandel?

2. Wat beteken dit om te oefen om, in liefde, die waarheid te praat? Waarom is dit dikwels ‘n uitdaging om waarheid en liefde saam te voeg? Waarom is dit belangrik om met liefde die waarheid te praat?

3. Wat beteken dit om jouself met ‘n hart van barmhartigheid, vriendelikheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld te beklee?

4. Waarom is vergifnis belangrik in vriendskap? Wanneer het ‘n vriend se vergifnis jou geseën?

5. Wat eienskap van liefde maak dit die perfekte vriendskapsband?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 4

*Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.*

**1 KORINTIËRS 13:4-7**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou kerk te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Onderwyl ons probeer om Bybelse vriendskappe te ontwikkel en te bevorder, het ons 'n wesenlike vyand wat ons werk wil vernietig. Geestelike oorlogvoering is werklik en ons moet waaksaam wees in ons verhoudings. Skryf hierdie week 'n spesifieke gebedslys vir jou vriende en vra God om jou verhoudings en hulle s'n te beskerm teen geestelike aanvalle.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Spreuke 17:9*

9 Wie 'n verkeerde optrede
teenoor homself verontagsaam,
soek goeie verhoudinge;
wie 'n saak bly ophaal,
bring verwydering tussen vriende.

*Romeine 16:17-18*

17 Ek druk julle dit op die hart, broers: Pas op vir dié wat verdeeldheid veroorsaak
en die mense afvallig maak van die leer wat julle ontvang het. Bly weg van hulle af.
18 Sulke mense dien nie Christus ons Here nie, maar hulle eie drifte en drange, en
met al hulle mooipraatjies en vleitaal mislei hulle die liggelowige mense.

*2 Timoteus 3:2-5*

2 Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend
teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en
ongodsdienstig; 3 hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters,
bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; 4 hulle sal verraaiers wees,
roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God.
5 Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die
godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af.

# MAANDAG

LEES:
*Spreuke 17:9, Romeine 16:17-18, 2 Timoteus 3:2-5*

SOAP:
*Romeine 16:17-18*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP*

ROMEINE 16:17-18

"EK DRUK JULLE DIT OP DIE HART, BROERS: PAS OP VIR DIÉ WAT VERDEELDHEID VEROORSAAK EN DIE MENSE AFVALLIG MAAK VAN DIE LEER WAT JULLE ONTVANG HET. BLY WEG VAN HULLE AF. SULKE MENSE DIEN NIE CHRISTUS ONS HERE NIE, MAAR HULLE EIE DRIFTE EN DRANGE, EN MET AL HULLE MOOIPRAATJIES EN VLEITAAL MISLEI HULLE DIE LIGGELOWIGE MENSE."

*Oordenking*

Die vroeë kerk en ons kerke van vandag staar almal dieselfde probleem in die gesig: mense wat net daarin belangstel om hulleself te dien. Tweespalt en verdeeldheid is die resultaat wanneer mense nie belangstel om aan 'n gemeenskaplike doel te werk nie, maar eerder daaraan wil werk om hulle eie behoeftes en begeertes te bevredig. Hierdie mense sit hulle beste voetjie voor en sê en doen al die regte dinge, maar diep binne is hulle net gefokus op hulle eie status of mag.

Ons mag dalk vriende hê wat werk op dieselfde manier deur 'n valse gesig van vriendskap op te sit, terwyl hulle dit nie regtig bedoel nie. Alhoewel hierdie verse die kerk teen valse leerstellings waarsku, wys dit ook na die algemene menslike neiging om ons eie belange bo alles te stel - en om bedrieglike woorde te gebruik om dit weg te steek. Ons wil nie graag die soort vriende wees wat ander op 'n gelyke wyse behandel nie - ek sal goedgunstig wees teenoor jou net wanneer ek weet dat jy dieselfde aan my kan doen - maar ons moet onsself ook beskerm teen sulke vriende. Hierdie valse vriende kan onenigheid tussen ware vriende veroorsaak deur te skinder en konflik aan te hits. Ons kan vir God vra om aan ons wysheid te gee om ons vriendskappe teen onenigheid en valsheid te beskerm.

*Gebed*

O Heer, help my om my vriendskappe akkuraat te beoordeel en al my vrae en bekommernisse hieroor aan U te bring. Gee asseblief aan my goeie vriende wat die waarheid praat. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Efesiërs 6:12*
Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.

*Spreuke 11:9*
9 ’n Godlose mens laat ’n ander
    te gronde gaan met wat hy sê;
mense wat aan God gehoorsaam is,
word deur hulle kennis gered.

*Spreuke 11:13*
13 Iemand wat loop en skinder,
    lap geheime uit;
’n betroubare mens bewaar
    ‘n geheim.

# DINSDAG

LEES:
*Efesiërs 6:12, Spreuke 11:9, Spreuke 11:13*

SOAP:
*Efesiërs 6:12*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP*

EFESIËRS 6:12

ONS STRYD IS NIE TEEN VLEES EN BLOED NIE, MAAR TEEN ELKE MAG EN GESAG, TEEN ELKE GEES WAT HEERS OOR HIERDIE SONDIGE WÊRELD, TEEN ELKE BOSE GEES IN DIE LUG.

*Oordenking*

Ons kan probeer om onsself teen valse vriende te beskerm, maar ons moet ook onthou wie ons werklike vyand is. Daar is mense in ons lewens wat sal probeer om verdeeldheid en onmin te saai, maar hulle is nie die vyand nie - hulle is gebroke en sondige mense, net soos ons. Die ware stryd is teen die bose geeste in die lug. God beskerm ons en veg vir ons, maar die voortgesette geestelike oorlog hou aan om ‘n invloed in ons lewens te hê. Een van die maniere waarop dit in ons lewens manifesteer, is in ons verhoudings.

Israel het dikwels fisiese vyande gehad waarteen hulle moes veg, maar ons stryd is nie teen mense nie. Ons stryd is teen die mag van satan, wat baie werklik is. Wanneer ons vir vrede en geregtigheid in ons gemeenskappe veg, kan ons ander mense so maklik sien as ons grootste vyande. Dan gee ons vir onsself toestemming om enige iets wat ons wil doen om hulle te oorwin, te regverdig. Selfs om te sondig. Ons moet egter streef na versoening en vergifnis van diegene wat iets verkeerd aan ons gedoen het, selfs wanneer hulle die gevolge van hulle aksies moet dra.

*Gebed*

Here God, help my onthou wie die ware vyand is. Beskerm my, O Heer, van die magte van die duiwel wat steeds vandag in die wêreld werksaam is. Gee my geleenthede om liefde aan die vriende wat my seergemaak het te wys en om aan hulle u versoenende liefde te wys. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Spreuke 22:24-25*

24 Moenie maats maak
met ‘n opvlieënde mens nie,
moenie saamgaan met een
wat kort van draad is nie:
25 dalk leer jy sy maniere aan
en beland jy in lewensgevaar.

*Spreuke 27:4*

4 Iemand wat kwaad is, ontsien niks,
sy woede is ’n onkeerbare vloed;
teen jaloesie is niemand opgewasse nie.

*1 Korintiërs 15:33*

33 Moet julle nie langer laat mislei nie: “Slegte geselskap bederf goeie sedes.”

*Jakobus 4:4-6*

4 Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen
God is nie? Wie ’n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy ’n vyand
van God is. 5 Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy
in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê? 6 Maar die genade wat Hy gee, is
nog groter. Daarom sê Hy: “God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee
Hy genade.”

# WOENSDAG

LEES:
*Spreuke 22:24-25, Spreuke 27:4, 1 Korintiërs 15:33, Jakobus 4:4-6*

SOAP:
*Jakobus 4:4*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP*

JAKOBUS 4:4

WEET JULLE NIE, JULLE ONTROUES, DAT VRIENDSKAP MET DIE WÊRELD VYANDSKAP TEEN GOD IS NIE? WIE 'N VRIEND VAN DIE WÊRELD WIL WEES, WYS DAARMEE DAT HY 'N VYAND VAN GOD IS.

*Oordenking*

Wat beteken dit om vriende met die wêreld te wees? In die Ou Testament beteken die wêreld dikwels nie die letterlike aarde waarop ons woon nie (God het gesê dat dit goed was toe Hy dit gemaak het!) Inteendeel, dit is meer in lyn met kultuur of menslike wysheid. God se skepping is goed, maar die wêreld werk nou volgens sonde en dood. Vriendskap met die wêreld beteken dat ons te gemaklik geraak het met die vervalle orde van dinge. Ons behoort eintlik in verwagting van die verlossing van die wêreld te wees.

In die geval van vriendskap, lyk die weë van die wêreld soos woede, jaloesie en hebsug. Dit is die soort wêreldse vriendskap wat onverenigbaar is met 'n liefdevolle God. Terwyl ons sekerlik vriende kan wees met ongelowiges, moet ons verseker onthou dat ons deur die mense naaste aan ons verander gaan word. Ons sal hulle gewoontes aanleer of heeltemal gewoond raak aan die sondes wat hulle regverdig. Jakobus se kragtige woorde herinner ons daaraan om ons naaste verhoudings te evalueer en te vra: "Kom ek nader aan die weë van die wêreld of kom ek nader aan die weë van God?"

*Gebed*

O Heer, dankie dat U my u vriend gemaak het. Wys my die plekke in my lewe waar ek te gemaklik is met die weë van die wêreld en help my om u verlossing te verwag. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Efesiërs 4:29*
29 Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.

*Spreuke 16:24*
24 Aangename woorde is heuning,
soet en geneeskragtig vir die mens.

*Spreuke 16:28*
28 Iemand wat die waarheid verdraai,
veroorsaak twis,
iemand wat skinder, bring verwydering
tussen vriende.

# DONDERDAG

LEES:
*Efesiërs 4:29, Spreuke 16:24, Spreuke 16:28*

SOAP:
*Efesiërs 4:29*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP*

EFESIËRS 4:29

VUIL TAAL MOET DAAR NOOIT UIT JULLE MOND KOM NIE; PRAAT NET WAT GOED EN OPBOUEND IS VOLGENS DIE EIS VAN OMSTANDIGHEDE, SODAT DIT JULLE HOORDERS TEN GOEDE KAN KOM.

*Oordenking*

Ons woorde is baie kragtiger as wat ons dink. Ons gebruik hulle sonder om te dink, maar hulle het die mag om verhoudings te bou of te breek. Min van ons kan eerlik sê dat elke woord wat uit ons monde kom, opbouend is. Tog is dit die instruksie wat aan die kerk in Efese gegee word. Met ‘n instrument wat so kragtig is, kom die verantwoordelikheid om dit versigtig te gebruik. In plaas van om net uit te laat wat in ons gedagtes opkom, of wat mense laat lag of goed laat voel op daardie oomblik, het ons die verantwoordelikheid om te vra: bou hierdie ‘n persoon op of breek dit hom of haar af?

Selfs woorde wat ons dink beteken min, kan ongelooflike gevolge hê. Selfs net ‘n oomblik van harde kritiek of ‘n grappie wat te ver gaan, mag in orde wees volgens die wêreld se standaarde, maar daar word in hierdie Skrifgedeelte baie meer van gelowiges verwag. As ons woorde die mag het om genade te gee aan dié wat dit nodig het, behoort ons dit ernstig te heroorweeg om dit vir enige iets anders as so ‘n hoë roeping te gebruik.

*Gebed*

Here God, help my om die krag van my woorde te besef. Gee my asseblief geleenthede om dit te gebruik om mense op te bou en spreek tot my wanneer ek dit wil gebruik om mense af te breek. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *1 Korintiërs 13*

1 Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en
engele, maar ek het geen liefde nie, het ek ’n stuk klinkende metaal, ’n galmende
simbaal geword. 2 Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse
en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het
geen liefde nie, dan is ek niks. 3 Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee
ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat
dit my niks.

4 Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie
grootpraterig nie, is nie verwaand nie. 5 Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie
sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. 6 Dit verbly
hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. 7 Dit bedek alles, glo
alles, hoop alles, verdra alles.

8 Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe van profesie sal verdwyn, die gawe
om ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien
raak. 9 Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar gedeeltelik, 10
maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees. 11 Toe ek
’n kind was, het ek gepraat soos ’n kind, gedink soos ’n kind, geredeneer soos ’n
kind. Maar noudat ek ’n man is, is ek klaar met die dinge van ’n kind. 12 Nou kyk
ons nog in ’n dowwe spieël en sien ’n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles
sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle
ken soos God my ten volle ken. 13 En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie.
En die grootste hiervan is die liefde!

## *Spreuke 12:26*

26 Die regverdige laat sy pad
    vir hom wys deur ’n vriend;
die goddeloses verdwaal op die pad
    wat hulle self kies.

# VRYDAG

LEES:
*1 Korintiërs 13, Spreuke 12:26*

SOAP:
*1 Korintiërs 13:4-7*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP*

1 KORINTIËRS 13:4-7

DIE LIEFDE IS GEDULDIG, DIE LIEFDE IS VRIENDELIK; DIT IS NIE AFGUNSTIG NIE, IS NIE GROOTPRATERIG NIE, IS NIE VERWAAND NIE. DIT HANDEL NIE ONWELVOEGLIK NIE, SOEK NIE SY EIE BELANG NIE, IS NIE LIGGERAAK NIE, HOU NIE BOEK VAN DIE KWAAD NIE. DIT VERBLY HOM NIE OOR ONREG NIE, MAAR VERHEUG HOM OOR DIE WAARHEID. DIT BEDEK ALLES, GLO ALLES, HOOP ALLES, VERDRA ALLES.

*Oordenking*

Hierdie gedeelte uit 1 Korintiërs 13 word dikwels vir troues en op Valentynkaartjies gebruik, maar hierdie verse is nie primêr vir getroude pare nie. Dit is geskryf in 'n brief aan 'n kerk, in die konteks om te leer hoe die kerk funksioneer as die liggaam van Christus, om mekaar se gawes te gebruik tot die voordeel van die hele gemeenskap. Ons moet almal daaraan herinner word dat, as ons waarlik ons vriende liefhet - en ons kerkgemeenskap moet van ons naaste vriende insluit - dan sal ons met ware liefde teenoor hulle optree.

Ons kan ons vriendskappe evalueer deur na hierdie lang beskrywing te kyk en onsself af te vra of ons verhoudings so lyk. Is ek geduldig met my vriende, is ek vriendelik teenoor hulle, nie afgunstig oor hulle besittings of talente nie? Spog ek of tree ek verwaand op teenoor hulle? Is ek ongeskik? Het ek enige ander motivering vir die vriendskap? Word ek maklik kwaad oor wat hulle doen? Hou ek hulle sondes teen hulle? Is ek eerlik met hulle? Dra ek hulle laste, glo die beste van hulle, hoop die beste vir hulle en verduur lyding en swaarkry saam met hulle?

*Gebed*

Here God, help my om my vriende met hierdie soort liefde lief te hê. Help my om te besef waar ek moet groei en gee my die genade wat ek benodig om dit te doen. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Is jy 'n persoon wat onenigheid veroorsaak? Hoe kan jy verseker dat jy nie 'n vriend is wat struikelblokke en konflik in jou verhoudings skep nie?

2. Hoe bederf slegte geselskap goeie sedes? Hoe het jy gesien dat slegte geselskap jou besluite en wêreldbeskouing beïnvloed?

3. Waarom beteken vriendskap met die wêreld vyandskap teen God? Hoe lyk vriendskap met die wêreld? Wat kan ons doen om daarteen te waak dat ons nie vriende met die wêreld word nie?

4. Waarom word ons opdrag gegee om versigtig te wees wat ons sê? Hoe beïnvloed jou woorde jou vriendskappe? Wanneer het jy 'n vriend seergemaak met jou woorde?

5. Wat beteken dit dat liefde saam met die waarheid juig? Hoe kan jy dit in jou vriendskappe uitleef?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 5

*Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.*

**LUKAS 19:10**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir sendelinge te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Jesus het verkillende groepe binne sy volgelinge en vriende gehad: die groot groep dissipels, die twaalf apostels en Petrus, Jakobus en Johannes. Hoe kan ons sy voorbeeld van intimiteit in vriendskap volg? Hoe kan jy hierdie beginsels in jou eie lewe verwesenlik sonder om eksklusief te wees?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Johannes 8:1-11*

1 maar Jesus het na die Olyfberg toe gegaan. 2 Die volgende môre vroeg was Hy
weer in die tempel en die hele volk het na Hom toe gekom. Hy het gaan sit en
hulle geleer. 3 Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel
betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan. 4 Hulle het vir
Hom gesê: "Meneer, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg
het. 5 Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig, maar u, wat
sê u?" 6 Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor
hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond
geskrywe. 7 Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle
gesê: "Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi."
8 Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe.

9 Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde
eerste. Jesus is alleen agtergelaat saam met die vrou daar in die middel van die
kring mense. 10 Toe het Hy regop gekom en vir haar gevra: "Mevrou, waar is
hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?" 11 "Niemand nie,
Here," sê sy. Toe sê Jesus: "Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie
meer sonde doen nie."

## *1 Timoteus 1:15*

15 Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus
Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste.

## *Lukas 5:31-32*

31 Toe antwoord Jesus hulle: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie,
maar dié wat siek is. 32 Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot
bekering te roep nie, maar sondaars."

## *Lukas 7:34-35*

34 Die Seun van die mens het gekom, geëet en gedrink, en julle sê: 'Kyk daar, 'n
vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars.' 35 Maar God tree met
wysheid op, en sy werke bewys dit."

# MAANDAG

LEES:
*Johannes 8:1-11, 1 Timoteus 1:15, Lukas 5:31-32, Lukas 7:34-35*

SOAP:
*1 Timoteus 1:15*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP*

1 TIMOTEUS 1:15

DIT IS 'N BETROUBARE WOORD EN KAN SONDER VOORBEHOUD AANVAAR WORD: CHRISTUS JESUS HET IN DIE WÊRELD GEKOM OM SONDAARS TE VERLOS. VAN HULLE IS EK DIE GROOTSTE.

*Oordenking*

Die Evangelies is gevul met voorbeelde van Jesus wat gekritiseer is as gevolg van die tipe mense saam met wie Hy graag tyd deurgebring het. Hy het sondige vroue verdedig, saam met tollenaars geëet, en tyd deurgebring saam met die armes, siekes en mense wat verstoot is. Jesus was 'n vriend vir mense wat sy reputasie skade aangedoen het en nie sy vriendskap verdien het nie - mense soos ons. Hy het gekom om sondaars te red en ons is definitief almal in daardie groep.

Paulus se verbasende woorde aan Timoteus moet ons aan ons eie toestand herinner - ons is nie beter as die tipe mense met wie Jesus tyd spandeer het nie, ons is presies dieselfde! Wanneer ons Christus se gratis geskenk van genade aanvaar, het ons absolute rede om nederig te wees en te erken dat ons niks beter is as die mense wat ons sondaars noem nie. Daar is geen plek vir hoogmoed of eiegeregtigheid wanneer ons eerlik na ons situasie kyk nie. Christus het ons vriend geword toe ons dit nie verdien het nie en ons reaksie moet lyk soos Paulus s'n: 'n lewe toegewy aan ander.

*Gebed*

Here God, dankie dat U u Seun gestuur het om 'n vriend van sondaars soos ek te wees. Dankie dat U die verlorenes soek en ons vind. Help my om daardie tipe vriend te wees vir die mense om my wat verstoot is. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Markus 3:13-19*

13 Jesus het teen die berg opgegaan en dié wat Hy wou hê, nader geroep, en
hulle het na Hom toe gekom. 14 Hy het toe twaalf, wat Hy apostels genoem het,
aangestel om by Hom te bly sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek. 15 Hulle
het ook die mag ontvang om bose geeste uit te drywe. 16 Hy het hierdie twaalf
aangestel: Petrus, soos Hy Simon genoem het, 17 Jakobus seun van Sebedeus, en
Johannes die broer van Jakobus – vir hulle het Hy die bynaam Boanerges gegee,
dit wil sê "manne van die donder" – 18 Andreas, Filippus, Bartolomeus, Matteus,
Tomas, Jakobus seun van Alfeus, Taddeus, Simon die Kananeër, 19 en Judas
Iskariot wat vir Jesus verraai het.

## *Markus 5:37*

37 Jesus het niemand behalwe Petrus, Jakobus en Johannes die broer van Jakobus
toegelaat om verder saam met Hom te gaan nie.

## *Markus 9:2-8*

2 Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle
op 'n hoë berg gebring waar hulle heeltemal alleen was. Toe het sy voorkoms voor
hulle oë verander, 3 en sy klere het blink geword, spierwit soos niemand op aarde
dit kan maak nie. 4 Elia en Moses het toe aan hulle verskyn en met Jesus gestaan
en praat. 5 Toe sê Petrus vir Jesus: "Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie
hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia." 6 Hy het nie geweet wat hy
sê nie, so verskrik was hy saam met die ander. 7 Daar het toe 'n wolk gekom wat
sy skaduwee oor hulle laat val het; en uit die wolk het daar 'n stem gekom: "Dit is
my geliefde Seun. Luister na Hom." 8 En meteens, toe hulle weer kyk, sien hulle
niemand meer nie, net Jesus alleen by hulle.

# DINSDAG

LEES:
*Markus 3:13-19, Markus 5:37, Markus 9:2-8*

SOAP:
*Markus 9:2*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP*

MARKUS 9:2

SES DAE LATER HET JESUS VIR PETRUS EN JAKOBUS EN JOHANNES SAAMGENEEM EN HULLE OP ‘N HOË BERG GEBRING WAAR HULLE HEELTEMAL ALLEEN WAS. TOE HET SY VOORKOMS VOOR HULLE OË VERANDER,

*Oordenking*

Selfs Jesus het ‘n paar goeie vriende nodig gehad. Die toneel van die verheerliking in Markus 9 is ‘n ongelooflike beskrywing van Jesus wat aan ‘n paar van sy dissipels ‘n glimps van sy komende koninkryk en glorie openbaar. Terwyl Jesus ‘n paar dissipels gekies het as dié wat naaste aan Hom was, is daar ‘n ander groep vriende in hierdie verhaal wat raakgesien moet word. Nadat Jesus verheerlik is, het Moses en Elia saam met Hom verskyn. Moses het die wet verteenwoordig en Elia het die profete verteenwoordig, die openbaring van God in die Ou Testament. Die wet en die profete was egter net skadu’s. Die wet en die profete was openbaringe van God af, maar Jesus is die openbaring van God.

Markus 9:4 sê dat Moses en Elia met Jesus gepraat het - waaroor het hulle gepraat? Lukas 9:28-36 vertel ons dat hulle met Hom gepraat het oor sy uittog wat Hy in Jerusalem sou voltooi. In hierdie kritieke oomblik voor sy dood en opstanding, het Jesus met ‘n paar vriende gepraat wat ‘n bietjie meer geweet het as sy dissipels. Niemand van ons het iets amper dieselfde ervaar as wat Jesus met Moses en Elia bespreek het nie, maar hierdie ongelooflike verhaal maak dit duidelik dat Jesus self vriende nodig gehad het wat sy laste saam met Hom kon dra, in die lig van die lyding wat Hy binnekort sou moes verduur.

*Gebed*

Here God, dankie vir die Menswording. Dankie vir u Seun wat intiem ervaar het wat dit beteken om menslik te wees en wat aan ons ons behoefte aan menslike vriendskap wys. Wys my hoe om hierdie soort vriendskappe in my lewe te bou. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Lukas 15:1-10*

1 Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom
luister. 2 Hierteen het die Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê:
"Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle."

3 Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis: 4 "Sê nou een van julle het honderd
skape en een van hulle raak weg. Wat doen hy dan? Hy laat die nege en negentig
in die veld staan en gaan agter die een wat weg is, totdat hy hom kry. 5 En as hy
hom kry, is hy bly en tel hom op sy skouers. 6 As hy by die huis kom, roep hy sy
vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het my
skaap wat weg was, weer gekry.' 7 Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel
blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig
mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie."

8 "Of watter vrou wat tien silwermuntstukke het en een raak weg, steek nie'n lamp
op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? 9 En as sy dit kry,
roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: 'Wees saam met my bly,
want ek het my geld wat weggeraak, weer gekry.' 10 Ek sê vir julle: Net so is daar
blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."

## *Lukas 19:1-10*

1 Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad. 2 Daar was 'n man met
die naam Saggeus, die hooftollenaar, 'n ryk man. 3 Hy het geprobeer om Jesus
te sien, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy te kort was. 4 Hy hardloop
toe vooruit en klim in 'n wildevyeboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar
verbygaan. 5 Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: "Saggeus, kom
gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan." 6 Hy het toe gou afgeklim en
Jesus met blydskap ontvang. 7 Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en
gesê: "Hy gaan by 'n sondige man tuis!" 8 Maar Saggeus het opgestaan en vir die
Here gesê: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets
van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." 9 Daarop sê Jesus: "Vandag
het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham.
10 Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."

# WOENSDAG

LEES:
*Lukas 15:1-10, Lukas 19:1-10*

SOAP:
*Lukas 19:10*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP*

LUKAS 19:10

DIE SEUN VAN DIE MENS HET IMMERS GEKOM
OM TE SOEK EN TE RED WAT VERLORE IS.

*Oordenking*

Wanneer ons so 'n bondige verklaring van Jesus se bediening hoor, kan ons in die versoeking kom om sy boodskap te beperk. Ons kan dit vereenvoudig tot 'n geestelike boodskap, sonder enige iets aards en ligaamlik. Die titel van Seun van die Mens omvou egter Jesus se hele aardse bediening. Lukas toon Jesus as die Verlosser vir die hele mensdom, die nuwe Adam, die skepper van 'n nuwe volk. Hy het nie net gekom om die een verlore skaap of muntstuk te soek nie, maar om die verlorenes in te neem in sy nuwe familie, nuwe volk, nuwe mense: dié wat verlos is.

Dit illustreer hoe ons vertikale en horisontale verhoudings so intiem verbind is. Wanneer ons verlos is, is ons nie net met God versoen nie, maar ons is ook ingeneem in die nuwe skepping wat Hy alreeds begin het. Lukas se hele Evangelie illustreer dit: toe Jesus sy bediening begin het, het Hy aangekondig dat Hy gekom het om die evangelie aan armes te verkondig, die gevangenes vry te laat, die sig van blindes te herstel, om die onderdruktes in vryheid uit te stuur en om die genadejaar van die Here aan te kondig (4:8). Hy het gekom om die nuwe skepping wat eendag voltrek sal word, in te wy. Hy het gekom om ons, die verlorenes, te soek en te red as deel van sy algehele verlossingsplan.

*Gebed*

Here God, dankie dat U my gesoek en gered het! Dankie vir die nuwe skepping wat kom. Help my om in die lig van daardie realiteit te leef as 'n deel van u familie. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

*Markus 12:30-31*

30 Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.’ 31 Die tweede is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Geen ander gebod is groter as dié twee nie.”

*Galasiërs 5:14-17*

14 Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” 15 Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie. 16 Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. 17 Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.

# DONDERDAG

LEES:
*Markus 12:30-31, Galasiërs 5:14-17*

SOAP:
*Galasiërs 5:14*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP*

GALASIËRS 5:14

DIE HELE WET WORD IN HIERDIE EEN GEBOD SAAMGEVAT: "JY MOET JOU NAASTE LIEFHÊ SOOS JOUSELF."

*Oordenking*

Daar is 'n klomp wette in die Ou Testament, en hulle skets vir ons 'n beeld van hoe God se volk veronderstel was om te leef. Sommige daarvan lyk dalk vir ons vreemd of onnodig, maar dit het vir God se mense grense daargestel en vir hulle gewys hoe om in 'n gemeenskap te leef op 'n wyse wat Hom verheerlik. Al dié wette wat presies uiteengesit het hoe hierdie gemeenskap moes werk en leef, kan saamgevat word in hierdie een belangrike wet: jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Die bewys van ons liefde vir God lê daarin dat ons, net soos Hy, die mees weerloses en ongeliefdes onder ons liefhet. Waar Jesus in die verhaal van die Goeie Samaritaan na hierdie wet verwys het (Luk. 10:25-37), is dit met die bedoeling om vir die wetgeleerde te wys dat sy denke te eng was. Jy moenie die definisie van jou naaste probeer beperk nie; jy moet bereid wees om dit uit te brei na elkeen wat God oor jou pad stuur. Dieselfde geld vir ons: eerder as om te redekawel oor watter verpligtinge ons teenoor wie het, behoort ons vryelik ons liefde en diens te bied aan die weerloosstes rondom ons.

*Gebed*

God, wys my hoe om net soos U lief te hê. Wys my wie my naaste is en hoe ek hulle kan dien. Dankie dat U my liefhet wanneer ek dit nie verdien nie. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Handelinge 2:42-47*

42 Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge
verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. 43 Die apostels het
baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. 44 Al die
gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. 45 Hulle het hulle grond
en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.
46 Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot
huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud
geëet, 47 en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke
dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

## *Handelinge 20:7*

7 Ons het die Sondag bymekaargekom vir die gemeenskaplike maaltyd. Paulus het die gelowiges toegespreek, en aangesien hy die volgende dag sou vertrek, het hy tot middernag aangehou.

# VRYDAG

LEES:
*Handelinge 2:42-47, Handelinge 20:7*

SOAP:
*Handelinge 2:46-47*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP*

HANDELINGE 2:46-47

HULLE HET ALMAL ELKE DAG GETROU BY DIE TEMPEL BYMEKAARGEKOM, VAN HUIS TOT HUIS DIE GEMEENSKAPLIKE MAALTYD GEHOU, HULLE KOS MET BLYDSKAP EN IN ALLE EENVOUD GEËET, EN GOD GEPRYS. DIE HELE VOLK WAS HULLE GOEDGESIND. EN DIE HERE HET ELKE DAG MENSE WAT GERED WORD, BY DIE GEMEENTE GEVOEG.

*Oordenking*

In 'n wêreld waar preke en aanbiddingsmusiek maklik aanlyn toeganklik is, wonder baie mense of 'n kerk van bakstene en sement nog nodig is. As die bedoeling van ons samekoms bloot is om meer van die Bybel te leer, het dit geen sin om persoonlik te vergader nie. Tog herinner hierdie beskrywing van die vroeë kerk ons dat daar iets belangriker is aan om byeen te kom. As ons saam tyd deurbring, eet en drink, gesels en lag, ons stories vir mekaar vertel en gemeenskap bou, getuig ons van die goedheid van die koninkryk van God wat kom. Daar is niks wat dit kan vervang nie.

God werk deur ons samekomste - Hy het deur hierdie byeenkomste van die vroeë kerk mense na Hom toe getrek en Hy gebruik steeds die getuienis van ons verhoudings met mekaar om mense na Hom te trek. Mense kan vanuit die gemak van hulle huise 'n podsending van 'n preek aflaai of na aanbiddingsmusiek luister, maar niks kan die gemeenskap van vlees en bloed vervang nie.

*Gebed*

Here, dankie vir die gawe van gemeenskap met gelowiges! Help my om goeie verhoudings in my kerkgemeenskap te bou wat van U getuig en mense nader trek sodat hulle U beter kan ken.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat was Jesus se gesindheid toe Hy met sondaars omgegaan het? Hoe het Hy hulle liefgehad en aangemoedig om hul lewens van sonde agter te laat?

2. Wat was Jesus se doel om aarde toe te kom? Hoe het Hy sy doel getoon in sy optrede met diegene wat as 'sondaars' beskou word?

3. Wat beteken dit om jou naaste lief te hê soos jouself? (Wenk: dit beteken nie dat jy jouself eerste lief moet hê nie!)

4. Watter dinge het die vroeë kerk gedoen om gemeenskap te bevorder?

5. Waarom is die deel van 'n maaltyd 'n belangrike gemeenskaplike ervaring? Wat kommunikeer 'n gedeelde maaltyd aan die betrokkenes?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 6

*Niemand het groter liefde as dit nie:*
*dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.*

**JOHANNES 15:13**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jouself te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Paulus het die Romeine beveel om eerbied teenoor mekaar te bewys (Rom 12:10). Gaan vandeesweek uit jou pad om eerbied aan drie vriende te bewys. Doen dit op so 'n manier dat dit jou geen erkenning bring nie, maar slegs jou vriende eer en aanmoedig.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*1 Petrus 5:6-7*

6 Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. 7 Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.

# MAANDAG

LEES:
*1 Petrus 5:6-7*

SOAP:
*1 Petrus 5:7*

## *Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP*

1 PETRUS 5:7

WERP AL JULLE BEKOMMERNISSE OP HOM, WANT HY SORG VIR JULLE.

*Oordenking*

Ons is gemaak vir menseverhoudings, maar 'n gevalle wêreld beteken dat baie van ons vriendskappe ons gaan teleurstel of selfs seermaak. Uiteindelik is dit God wat in al ons behoeftes voorsien, nooit mense nie. As ons voor eensaamheid, vrees en pyn te staan kom, kan ons op God vertrou om ons laste te dra en ons te vertroos. God is altyd betroubaar, al is ons vriende nie.

God belowe nie om ons pyn te verlig, ons siekte te genees of 'n einde te maak aan ons lyding op aarde nie. Ons uiteindelike hoop lê egter in volkome herstel in die ewigheid. Ons kan ons bekommernisse op God werp omdat ons weet dat Hy vir ons omgee, want Hy het hierdie liefde gedemonstreer toe Hy sy Seun gestuur het om aan die kruis vir ons te sterf. Ons vriende kan ons in die steek laat, maar God sal nooit nie. Ons vriende kan hulle eie begeertes bo ons welstand plaas, maar Christus het ter wille van ons gely en gesterf. Ons vriende kan dalk hulle skouers ophaal vir ons laste, maar God belowe om ons swaar las vir 'n sagte juk te verruil (Matt. 11:30).

*Gebed*

Dankie God, dat U my nooit in die steek laat nie! Ek bid dat U vir my vriendskappe sal gee wat U eer en vir my vreugde verskaf. Ek dank U dat U my heel grootste bron van vertroosting en sekuriteit bly. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Johannes 15:14-17*

14 Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. 15 Ek noem julle nie meer
ondergeskiktes nie, want ’n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee,
Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat ek van my Vader gehoor het, aan julle
bekend gemaak het. 16 Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies
en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die
Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. 17 Dit beveel Ek julle: Julle
moet mekaar liefhê!”

# DINSDAG

LEES:
*Johannes 15:14-17*

SOAP:
*Johannes 15:15*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP*

JOHANNES 15:15

EK NOEM JULLE NIE MEER ONDERGESKIKTES NIE, WANT 'N ONDERGESKIKTE WEET NIE WAT SY BAAS DOEN NIE. NEE, EK NOEM JULLE VRIENDE, OMDAT EK ALLES WAT EK VAN MY VADER GEHOOR HET, AAN JULLE BEKEND GEMAAK HET.

*Oordenking*

Ons is nie waardig om vriende van God genoem te word nie, maar deur sy genade ontvang ons die eer van so 'n verhouding. Israel se identiteit is gebou op die onthou van wat God vir hulle gedoen het toe Hy hulle uit slawerny in Egipte verlos het. Hulle is vrygemaak en hulle het met aanbidding daarop gereageer. Hulle het God reeds geken as die een wat mense uit slawerny verlos, maar hulle het steeds verstaan dat hulle op 'n behoorlike afstand van 'n heilige God af moes bly. Hoewel hulle ook God se wet geken het, het hulle nie altyd die rede daaragter begryp nie. Toe Jesus gesê het dat Hy nie meer sy dissipels ondergeskiktes of slawe nie, maar eerder vriende noem, het Hy een belangrike implikasie van die Menswording verduidelik: God wat Homself aan ons openbaar.

Ons ken God steeds net deeltelik en gaan die hele ewigheid neem om nog verder te leer. Toe Jesus na die wêreld gekom het, het Hy gekies om op 'n intieme en direkte manier God se karakter te openbaar. Op hierdie oomblik saam met die dissipels het Hy nog meer aan hulle onthul, en hierdie kennis het die verhouding verander. Ons word vriende van God genoem as gevolg van die kykie wat ons in sy groot verlossingsplan gekry het.

*Gebed*

God, dankie dat U Uself aan my geopenbaar het! Dankie vir die menswording, en die verhouding wat daar as gevolg van hierdie openbaring tussen ons kan wees. Help my om hierdie verhouding wat ek met U het, vir die wêreld te wys. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Spreuke 18:24*

24 Maats kan jou breek,
maar daar kan ook 'n vriend wees
wat nader is as 'n broer.

*Hebreërs 13:5-6*

5 Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self
het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie." 6 Daarom
kan ons met vertroue sê: "Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n
mens aan my doen?"

# WOENSDAG

LEES:
*Spreuke 18:24, Hebreërs 13:5-6*

SOAP:
*Spreuke 18:24*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP*

SPREUKE 18:24

MAATS KAN JOU BREEK, MAAR DAAR KAN OOK 'N VRIEND WEES WAT NADER IS AS 'N BROER.

*Oordenking*

Sommige van ons is nie net teleurgestel deur ons vriende nie, maar ook baie seergemaak. Hegte verhoudings is 'n gawe van God, maar met innigheid kom sekere risiko's. Die mense naaste aan ons kan ons op baie pynlike maniere seermaak en selfs misbruik of voordeel uit ons trek. Ons het moontlik vriendskappe beleef wat gesond en positief was, maar een vernietigende verhouding kan dit moeilik maak om ander te handhaaf.

Wanneer ons begrip van verhoudings as gevolg van misbruik beskadig word, kan ons dink dat God op dieselfde manier werk. God bied vir ons hoop en vertroosting wanneer ons mishandel of in die steek gelaat word. Die Woord belowe ons dat God aan ons getrou is op maniere wat geen vriend of familielid ooit kan wees nie. Hy verander nooit nie, Hy faal ons nooit nie en sy beloftes word altyd vervul. Ons het die Skrif as geskenk ontvang om ons te herinner aan sy getrouheid. Oor en oor sien Hy ons, is Hy lief vir ons en weier Hy om op te gee met sy kinders.

*Gebed*

Dankie God, dat U getrou en goed is! Troos my asseblief Here wanneer ek deur ander seergemaak word. Help my om U te vertrou ten spyte van die boosheid rondom my en gee vir my die vrede wat net van U af kan kom. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Johannes 15:13*
13 Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.

*Romeine 5:8*
8 Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

*Efesiërs 5:1-2*
1 Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg.
2 Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.

# DONDERDAG

LEES:
*Johannes 15:13, Romeine 5:8, Efesiërs 5:1-2*

SOAP:
*Johannes 15:13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP*

JOHANNES 15:13

NIEMAND HET GROTER LIEFDE AS DIT NIE:
DAT HY SY LEWE VIR SY VRIENDE AFLÊ.

*Oordenking*

Jesus het die grootste liefde aan ons bewys deur sy lewe ter wille van ons af te lê. Hy maak nie net hierdie grootste offer vir sy vriende nie, maar ook vir sy vyande. Hy het gesterf vir almal wat sy kruisiging aangemoedig het, dié wat sy bediening teëgestaan het en selfs sy dissipels wat Hom in die steek gelaat het. Hy het ook vir ons gesterf—mense wat teen Hom sondig, sy kinders seermaak en Hom dikwels verkeerd voorstel aan die wêreld. Hy het onbeskryflike liefde getoon om te sterf vir diegene wat Hy vriende genoem het, selfs toe hulle soos vyande opgetree het.

Ons word geroep om te streef na onbaatsugtige liefde in ons eie gemeenskappe. Net soos Christus sy liefde deur sy optrede getoon het, word ons geroep om deur ons optrede ons liefde aan die wêreld te bewys. Ons kan sy voorbeeld volg deur daardie mense uit te soek wat deur die wêreld geïgnoreer word en deernis aan hulle te bewys. Ons kan getuig van die waarheid van Christus se opoffering deur aan die wêreld te wys dat ons ook bereid is om ons voorkeure en gemak op te offer ter wille van ‘n ander.

*Gebed*

God, baie dankie dat U die grootste opoffering vir my gemaak het. Dankie dat U my soos ‘n vriend lief het, selfs toe ek U vyand was. Rus my toe met die genade om daardie soort liefde aan ander te bewys. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Filippense 2:1-18*

1 Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde,
die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2 maak dan nou
my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in
strewe. 3 Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een
die ander hoër ag as homself. 4 Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie,
maar ook aan dié van ander. 5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook
in Christus Jesus was:

6 Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou
as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7 maar Hy het Homself verneder deur
die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens
verskyn het, 8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood,
ja, die dood aan die kruis. 9 Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en
Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10 sodat in die Naam van Jesus elkeen wat
in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, 11 en elke tong
sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.

12 My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer
moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied
en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, 13 want dit is God wat julle
gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. 14 Doen alles sonder kla of teëpraat.
15 Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van
God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die
wêreld 16 deur die woord van die lewe uit te dra. Dan sal ek op die dag van Christus
se koms rede hê om trots te wees, omdat dit sal blyk dat ek my nie verniet ingespan
het nie en nie verniet geswoeg het nie. 17 Julle geloof is 'n offer in diens van God.
Selfs al word my bloed daarby as drankoffer uitgegiet, is ek daaroor bly, ja, is ek saam
met julle almal bly. 18 Om dieselfde rede moet julle ook bly wees, ja, saam met my
bly wees.

## *Romeine 12:9-21*

9 Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. 10
Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees
mekaar daarin tot voorbeeld. 11 Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd
geesdriftig, dien die Here. 12 Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking;
volhard in gebed. 13 Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op
gasvryheid. 14 Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. 15
Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur. 16 Wees eensgesind
onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie
eiewys wees nie. 17 Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor
alle mense. 18 As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle
mense. 19 Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel
van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te straf; Ék sal vergeld,"
sê die Here. 20 "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee
hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte." 21
Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

# VRYDAG

LEES:
*Filippense 2:1-18, Romeine 12:9-21*

SOAP:
*Romeine 12:9-10*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP*

ROMEINE 12:9-10

DIE LIEFDE MOET OPREG WEES. VERAFSKU WAT SLEG IS EN HOU VAS AAN WAT GOED IS. BETOON HARTELIKE BROEDERLIEFDE TEENOOR MEKAAR; BEWYS EERBIED TEENOOR MEKAAR EN WEES MEKAAR DAARIN TOT VOORBEELD.

*Oordenking*

Die is waarskynlik die belangrikste leerstelling in die Skrif oor menseverhoudings: ag ander hoër as jouself. Dit is wat "bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld" beteken, dat ons mekaar moet oortref om mekaar te eer. Ons word geroep om onsself te verootmoedig en ons voorkeure en begeertes te onderwerp tot voordeel van ons gemeenskap. In 'n gesonde gemeenskap word óns behoeftes egter nie vergeet nie, omdat daar ander is wat gretig is om ons te eer. Daar is wedersydse liefde en elkeen dra die ander se belange op die hart.

As dit onrealisties en onprakties klink, is dit omdat dit is. God het ons genadiglik in die Skrif instruksies gegee oor hoe om ons gemeenskappe op te rig en goeie verhoudings aan te kweek, maar nie een van daardie instruksies kan sonder Sy genade gedoen word nie of sal tot in ewigheid perfek gevolg kan word nie. Ons hoop is nie in ons eie pogings om goed te doen en mekaar lief te hê nie. Ons hoop is in God se liefde vir ons — 'n liefde wat ons liefde vir mekaar motiveer, ons toerus om mekaar lief te hê en ons hoop gee op 'n sondelose toekoms waarin ons verhoudings bevry sal word.

*Gebed*

Dankie, God dat U ons perfek lief het. Gee ons die genade wat ons nodig het om mekaar lief te hê en die behoeftes van ons hele gemeenskap in ag te neem. Dankie vir die gawe van vriendskappe. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat beteken dit om jou bekommernisse op Jesus te werp? Hoe kan jy dit daagliks doen?

2. Hoe maak die navolging van Jesus se opdragte, ons sy vriende?

3. Wanneer het jy in jou eie lewe gesien hoe God jou van vriende voorsien wanneer jy hulle die nodigste gehad het? Hoe gee sy voorsiening jou aanmoediging dat Hy dit in die toekoms sal aanhou doen?

4. Jesus het sy lewe vir sy vriende afgelê. Hoe het hierdie aksie sy groot liefde vir ons getoon? Wat wys dit vir ons oor hoe Hy ons beskou?

5. Wat beteken dit om lief te hê sonder skynheiligheid? Hoe kan ons met wedersydse liefde aan mekaar toegewy wees?

# NOTAS

# NOTAS

# KEN HIERDIE WAARHEDE

### ***God het jou lief.***
Selfs wanneer jy onwaardig voel en voel of die wêreld teen jou is, God het jou lief - ja, vir jou - en Hy het jou vir ‘n groot doel geskape.

God se Woord sê, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Johannes 3:16).

### ***Ons sonde skei ons van God.***
Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is.

God se Woord sê, “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Romeine 3:23).

### ***Jesus het gesterf sodat jy die lewe kan hê.***
Die gevolg van sonde is die dood, maar jou verhaal hoef nie daar te eindig nie! God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar, want Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus” (Romeine 6:23); “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Romeine 5:8).

### ***Jesus leef!***
Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om ‘n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

God se Woord sê, “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Johannes 14:2-3).

### ***Ja, jy kan WEET dat jy vergewe is.***
*Aanvaar Jesus as die enigste weg na verlossing…*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Romeine 10:9-10).

### *Hoe lyk dit prakties?*

Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

> *God,*
> *Ek weet dat ek ‘n sondaar is.*
> *Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om die liefde en*
> *vergifnis wat U vir my het met ope arms aan te neem nie.*
> *Ek vra vir U vergifnis.*
> *Ek glo dat U vir my sondes gesterf*
> *het en uit die dood opgestaan het.*
> *Ek gee alles wat ek is oor, en vra*
> *U om die Here van my lewe te wees.*
> *Help my om weg te draai van my sonde en U te volg.*
> *Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel*
> *soos ek onder U genade leef, en help my om te groei in U weë,*
> *soos ek daarna streef om U beter te ken.*
> *Amen.*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal jy ons e-mail by info@lovegodgreatly.com?

Ons sal jou graag wil help om te begin met hierdie opwindende reis as ‘n kind van God!

# WELKOM VRIENDIN

*Love God Greatly* bestaan om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God se Woord 'n prioriteit in hulle lewens te maak.

### *INSPIRERING*
van vrouens om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens deur ons Bybelstudie hulpbronne.

### *AANMOEDIGING*
van vrouens in hulle daaglikse wandel met God deur 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

### *TOERUSTING*
van vrouens om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

*Love God Greatly* bestaan uit 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel…om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By *Love God Greatly* sal jy ware, lewensegte vrouens vind. Vrouens wat onvolmaak, maar tog vergewe is. Vrouens wat minder van hulleself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat verlang om God deur Sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

*Love God Greatly* is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir *Love God Greatly* kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. LGG is toegewyd om kwaliteit Bybelstudie materiaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van 'n vrou om te kan deelneem in een van ons studies nie. Alle LGG joernale en vertaalde joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com vir diegene wat nie kan bekostig om dit te koop nie. Ons joernale en boeke is ook te koop op Amazon. Soek vir "Love God Greatly" sodat jy al ons Bybelstudie joernale en boeke kan sien. 100% van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van *Love God Greatly* en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

DANKIE dat jy 'n deelgenoot met ons is!

# VIR JOU

## *Wat ons bied*

Meer as 30 Vertalings
Bybel Leesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toep
Meer as 200 Lande Bedien

Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

## *Elke studie sluit in*

Drie Blogs per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse

Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Leesplan Tussen Studies

## *Ander Studies*

Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou,
Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs

Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd